

Die marginale subjekposisie van die Afrikaanse skrywer – Etienne van Heerden se *Asbesmiddag*

Gideon L. Strydom en Helize van Vuuren

Skool vir Tale en Letterkunde, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit

Opsomming

In hierdie artikel word teoretiese kwessies rakende die letterkunde, soos die marginale subjekposisie van die romanskrywer/akademikus en van die Afrikaanse letterkunde in die eietydse sosiopolitieke sfeer, binne die fiksionele konteks van die eietydse Suid-Afrikaanse roman, in *Asbesmiddag* (2007) ondersoek. Aspekte soos die posisie van die Afrikaanse taal, Afrikaner-identiteit en ideologie kom aan bod. Die roman handel oor kwessies wat in die brandpunt van die eietydse Suid-Afrikaanse sosiopolitieke realiteit staan. Die implisiete ideologiese perspektief in die teks het veral te make met die ontnugtering van die hoofkarakter met die verdwyning van die bekende status quo in sy direkte sosiopolitieke omgewing. In *Asbesmiddag*, 'n komplekse roman met sterk ooreenkomste met die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing gemeng met fantasie, skep Van Heerden vir homself die geleentheid om deur die metafiksionele besinnings van sy protagonis die huidige sosiopolitieke konteks en die globale ekonomiese landskap te verken en te bevraagteken. Die verval in die Afrikaanse samelewing, akademie en letterkunde word ondersoek. Die skrywer (Sebastiaan Graaff) se verzet teen die populêre kultuur en die nuwe orde in 'n veranderende Suid-Afrika dui op die marginale subjek se verlange na 'n verlore verlede en wat dit vir sy identiteit, kulturele geheue en verhouding met die landskap beteken. Graaff as minderheidsintellektueel is dubbel-gemarginaliseer deur die institusionele strukture waarbinne hy funksioneer. Sy ervaring van die sosiopolitieke realiteit word betrek in die roman, veral ten opsigte van die ras- en genderkwessies en die nuwe imperialisme waaronder die hedendaagse metropolitaanse universiteit gebuk gaan. Die minderheidsintellektueel word dikwels ook binne die instelling gemarginaliseer, deels op grond van voortdurende ras- en genderdiskriminasie, maar ook as gevolg van die sistematiese verskuiwing van minderheidsbelange na die periferie van akademiese werk. Die tekstualisering van die ontnugtering en die worsteling met die eie identiteit wat hierdie institusionele veranderinge en marginalisering teweegbring, word ondersoek.

Trefwoorde: komparatisme; intertekstualiteit; metatekstualiteit; ideologie; sosiopolitieke diskoers, postkolonialisme; poststrukturealisme; taal; *littérature engagée*; refleksiewe utopologie.

Summary

The Afrikaans novelist on the margin – *Asbesmiddag* by Etienne van Heerden

Theoretical issues concerning the contemporary South African novel are examined in this article. Etienne van Heerden's novel *Asbesmiddag* ("Asbestos afternoon") (2007) is read from an intertextual as well as a socio-political framework. The focus is on the metatextual, ideological and linguistic aspects of the novel. The embedded socio-political discourse is interrogated and it is illustrated throughout how the novel contributes to the portrayal of a contemporary, 21st-century South African socio-political reality. Examples are the uncertain position of the novelist (and academic), the state and status of literature in the socio-political atmosphere, recurring motifs of language (Afrikaans as a minority language and English as the dominant language), and Afrikaner identity (the place of the white man in South Africa). The ideological perspective implicit in the text deals mainly with the disillusionment that the main character, the novelist and academic Sebastiaan Graaff, experiences due to the disappearance of the familiar status quo of system and order in his socio-political environment.

There are clearly traceable links in *Asbesmiddag* to the literary traditions of which it forms a part, through a high degree of intertextuality with literary predecessors. Pertinent are intertexts from Afrikaans and South African English literature, but also classical intertexts emanating from the larger field of world literature. The protagonist is in conflict with himself and with his changing environment. By implication, the *ars poetica* of both the fictionalised author and Van Heerden are revealed. At the launch of his novel Van Heerden responded as follows to the question whether *Asbesmiddag* can be seen as encapsulating his literary theory: "I do not know, it might be. The best kind of *ars poetica* is a protest against something" (Van Heerden 2007a). The intrinsic "protest" of the fictional text is causally linked to the extrinsic socio-political reality, but goes much wider than black-white race relations and conflict. It focuses, instead, on the inevitable change from one political phase, regime or era to the next, as well as on the search for artistic (read: creative writing and literature) and cultural (read: Afrikaner identity and language) survival in the text.

Based on an analytical reading of *Asbesmiddag* and the relevant intertexts of the novel, a postcolonial approach is followed in order to investigate the socio-political, linguistic and cultural experience of white Afrikaans-speaking South Africans. They are portrayed in this contemporary novel as a minority group in a new order. Particular attention is given to how the writer articulates cultural identity in a colonised society and the struggle for the development of a national identity after decolonisation (as represented in the novel). Identity is usually described in terms of culture and cultural tradition. The quest for a "new" identity speaks of a profound identity crisis and fears about the loss of self, culture and traditions. Changing circumstances are often negative experiences, especially in terms of maintenance and expression of an own identity. When a person feels that his "own" is threatened, the past is often recalled as a reference point. Nostalgia connects man's past with its present and future and is therefore involved with identity. Davis (1979:37-8) states that the nostalgic past is often in opposition to the present status quo. Viewed from a nostalgic perspective the present is perceived as a threat, while the past is idealised. By fostering nostalgia, subjects try to escape the threatening present by calling up symbolic images from the past. When the values and norms of a particular group or nation are threatened, there is a conscious return to what is "familiar" and "dear". In times of change nostalgia as a cultural "memory" offers a place of stability and normality (Boym 2001:54).

The constant textual association with an idealised past, as reflected in the consciousness of the protagonist Graaff, is sedimented into a reflexive utopology (Strydom 2010:7), with an intended ambiguous meaning for the word *reflexive*:

1. reflexive / reflective
2. relating to a reflex / natural first reaction without conscious thought, indicating deep ideology.

In this definition of a reflexive utopology, utopology is indicative of a desired utopia (with synonyms: illusion; delusion; idealistic; unattainable - consistently negative words that specifically define the reactionary reflexive utopology). Reflexive utopology is closely connected with ideology, a cut back to the past with the implicit ideology that things were far better then (Strydom 2010:7). The oppositional reflexive utopology is deprived of any possibility of a radical new future: "For humanity to develop, we must keep an open faith in the future and guard against the memory which draws us back into the past and the angst which consumes us in the present" (Moylan 1986:21–2).

For Ricoeur, utopia represents a democratic future, a perfect illusion of peace where happiness and prosperity prevail. The opposite is true for the reflexive utopian (within reflexive utopology), who sporadically reverts to an era marked by colonial approaches. Although the protagonist Graaff tends towards a reflexive utopology, Van Heerden escapes the pursuit of such a utopology by leaving a trace of possibilities in his novel to lead the reader toward a more futuristic vision of utopia. Although the novel is strongly grounded within reflexive utopology, the possibilities for a utopian future are also presented.

Social aspects are reflected in the text through intertextuality, an important element of poststructuralism, therefore insights into intertextuality and poststructuralism are also included. The importance of intertextuality is contained in the broader meaning of the term, where the text is also regarded as the product of non-language texts, such as the socio-political reality in which the text originated. Together with the tight integration of literary materials from other systems, this complements the text and opens up further significant possibilities.

The boundaries between reality and fiction are deliberately blurred by the inclusion of well-chosen intertexts related to reality. Regarding the socio-political sphere, the novel is concerned with language issues and controversies to do with the position and importance of literature. The metatextual focus of the novel is invariably on the uncertain position of the novelist (and academic) in today's changing South Africa. The fictionalised socio-political environment and the philosophical reflections on the changing South African socio-political landscape add to the South African socio-political discourse. As examples, recent South African phenomena, like the role of the Afrikaans intellectual on the margin and Afrikaans as a minority language, are analysed. The intertextual play alternately confirms and undermines the autobiographical and fictional in the text. *Asbesmiddag* foregrounds the theme of political or social involvement through the awareness of the uncertainties that afflict everyone in the new order where the situation has changed to such a degree that the white Afrikaner is portrayed as the marginalised figure, and the resistance is now against the loss of an identity. *Asbesmiddag* textualises contemporary socio-political reality.

The South African reality of the past century as reflected in the socio-historical perspectives in recent Afrikaans novels represents an era of alienation and displacement. *Asbesmiddag* can

be read as the expression of such displacement that was brought on by the new South African nationalism. The crisis of the marginalised white Afrikaans-speaking Graaff is sympathetically portrayed in *Asbesmiddag*, but the novel also contains implicit criticism of the underlying motives and inability to adapt to the demands of the time. Where novels in the 1980s and 1990s presented a democratic South Africa free of apartheid as utopia, this article shows that the idealised past figures as a utopia within *Asbesmiddag*. Some recent futuristic novels, like Venter's *Horrelpoot [Trencherman]* (2006) and Krüger's *Wederkoms – die lewe en geskiedenis van Jannes Hoop* (2009), have shown strong dystopian elements, representing the fears of the white man in Africa. In contrast, *Asbesmiddag*, amid the ongoing presence of a reflexive utopology, includes the possibility of a utopian future alluded to by the positive outlook of the antagonist, the wealthy asbestos magnate referred to only as the "Doctor". This diverse, even conflicting approach to utopia within the single text, generates tension that contributes both lyrically and thematically to the text.

The novel can be read as a product of the underlying culture and its relationship to the values, norms and beliefs of the white Afrikaans-speaking South African. The novel can also be seen as a form of *littérature engagée* through its involvement in topical issues, uncovering the marginalisation of the white Afrikaans-speaking writer, as well as the Afrikaans language.

Read as a fictional expression of protest against the new order, the novel reflects indirectly, at an ideological level, the struggle for survival of the Afrikaner language, identity and literature. Literature takes on a performative function as the discourse of discontent and disillusion of the Afrikaner forms part of social action. The novel extends the social discourse's multitude of voices, texts and contexts by commenting through contemporary socio-political engagement and relevant intertexts. The identified reflexive utopology (Strydom 2010:7), typifying the implicit ideology of the text, is a new trend that sets new interpretation possibilities within the ideology critique.

Key words: comparative literature; intertextuality; metatextuality; ideology; socio-political discourse, postcolonialism; poststructuralism; language; *littérature engagée*; reflexive utopology.

1. Inleiding

1.1 Agtergrond

In hierdie artikel word, vanuit die fiksionele konteks van die eietydse Suid-Afrikaanse roman, teoretiese kwessies rakende die letterkunde ondersoek. Die roman is eksplisiet gesitueer en dra by tot die ideologiese, linguistiese en metatekstuele diskoers in die eietydse, 21ste-eeuse Suid-Afrikaanse sosiopolitieke realiteit. Voorbeelde hiervan is die onsekere posisie van die romanskrywer (en die akademikus), die stand en status van die letterkunde in die sosiopolitieke sfeer, herhalende motiewe van taal (Afrikaans as minderheidstaal en Engels as dominante taal) en Afrikaner-identiteit (die plek van die Afrikaanssprekende wit mens in Suid-Afrika). Die implisiete ideologiese perspektief in die teks het veral te make met die ontugtering wat die hoofkarakter met die verdwyning van die bekende status quo ervaar aan sisteem en orde in sy direkte sosiopolitieke omgewing.

Asbesmiddag, 'n komplekse roman met sterk mimetiese elemente van die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing vermeng met fantasie, toon 'n prominente intertekstuele karakter, met aanhalings uit, toespelings op en betrokkenheid by ander skrywers en tekste (soos J.M. Coetzee, Don DeLillo en Stephen King). 'n Opvallende literêre omgang met literêre voorgangers en 'n prominente metatekstuele bewustheid kom in die teks voor. Die protagonis ('n akademikus) is in konflik met homself en met sy veranderende omgewing. Naamgewing speel 'n belangrike rol by karakterisering. Die naam van die protagonis is reeds 'n aanduiding vir die leser dat daar meer in die roman skuil en dat 'n mens dieper moet lees as net die oppervlak. Die protagonis is Sebastiaan Graaff (*graaf* = "uitspit"), met die implisiete suggestie dat iets in die teks begrawe lê, iets wat nog "uitgegrou" behoort te word. *Graaff* kan verwys na aristokratiese afkoms en is ook die agternaam van 'n prominente en gegoede Bolandse familie (vgl. sir De Villiers Graaff, 8 Desember 1913 – 4 Oktober 1999) wat in die vorige bedeling 'n besondere politieke rol as opposisieleier teen apartheid gespeel het.

By implikasie word die *ars poetica* van sowel hierdie gefiksionaliseerde skrywer as Van Heerden onthul. By die bekendstelling van sy roman beantwoord Van Heerden die vraag of *Asbesmiddag* gesien kan word as sy *ars poetica* só: "Ek weet nie, dit mag wees. Die beste soort *ars poetica* is 'n protes teen iets" (Van Heerden 2007a). Die intrinsieke "protes" van die fiksionele tekste is kousaal verbind met die ekstrinsieke sosiopolitieke realiteit, maar strek veel wyer as swart-wit-rasseverhoudings en -konflik, en fokus eerder op die onafwendbare verandering van een politieke fase, regime of era na die volgende, asook die soektog na artistieke (kreatiewe skryfwerk en letterkunde) en kulturele (Afrikaner-identiteit en taal) oorlewing in die teks.

Binne die sosiopolitieke sfeer is die roman gemoeid met taalkwessies en strydpunte rakende die posisie en belang van die letterkunde. Die metatekstuele fokus van die roman is op die onsekere posisie van die romanskrywer (en die akademikus) in die hedendaagse veranderende Suid-Afrika. Die gefiksionaliseerde sosiopolitieke omgewing en die refleksiewe besinnings oor die veranderende Suid-Afrikaanse sosiopolitieke landskap sluit aan by debatte binne die diskoers oor die Suid-Afrikaanse sosiopolitieke terrein. Binne 'n linguistiese, metatekstuele en ideologiese konteks word spesifieke onlangse Suid-Afrikaanse verskynsels ontleed.

1.2 Benadering

Hier word, gebaseer op 'n indringende analitiese lesing van *Asbesmiddag* en die relevante intertekste van die roman, 'n postkoloniale benadering gevolg. Sosiale aspekte vind neerslag in die teks deur intertekstualiteit, 'n belangrike element van die poststrukturalisme. Insigte oor intertekstualiteit en die poststrukturalisme word ook betrek.

1.2.1 'n Postkoloniale benadering

Binne die postkoloniale denkraam is nie slegs polities-historiese kwessies in die roman ter sprake nie, maar die vraag na identiteit staan veral op die voorgrond. Die vraagstuk na 'n "nuwe" identiteit spreek van 'n diepgaande identiteitskrisis en vrese oor die verlies van die

self, kultuur en tradisies. Identiteit word meestal beskryf in terme van kultuur en kulturele tradisie. Veranderende omstandighede word negatief ervaar, veral in terme van die instandhouding en uitlewing van 'n eie identiteit. Steyn (2004:154) wys daarop dat die gemeenskap in reaksie hierop nuwe beelde, narratiewe of metafore soek om op 'n simboliese vlak die gemeenskap se angste te verantwoord (vgl. die “De la Rey”-fenomeen wat elders in hierdie artikel bespreek word). Dié proses word onvermydelik ook verbind met die Afrikaner-geskiedenis, maar soos Steyn (2004:154) uitwys, veronderstel hierdie *onthou* tans 'n meer kreatiewe proses, met 'n herinterpretering van die mitologie wat die betekenis van Afrikanerdom gevorm het. Die proses van herkonstruksie en “sin maak” van die self is dus ten nouste verbind met die “politics of memory and forgetting” (Steyn 2004:154).

Wanneer 'n persoon voel dat sy “eie” bedreig word, word die verlede dikwels opgeroep as 'n verwysingspunt. Davis (1979:31) merk op dat nostalgie die mens se verlede met sy hede en toekoms verbind en dat dit daarom ten nouste betrokke is by identiteit. Vanuit die perspektief van Visagie (1996) en sy idee van 'n hipernorm word dit egter duidelik dat nostalgie 'n kragtige ideologiese impak kan hê. Davis (1979:37–8) meen dat die nostalgiese verlede dikwels in opposisie met die hede opgestel word. Die hede word as bedreigend ervaar, terwyl die mens via gevoelens van nostalgie die verlede idealiseer. Via die koestering van nostalgie word gepoog om aan die bedreigende hede te ontsnap deur simboliese beelde uit die verlede op te roep en 'n “moderne tipe fragmentasie te bowe te kom” (Fishman 1972:9, ons vertaling). Wanneer die eie waardes en norme van 'n bepaalde groep of volk bedreig word, is daar 'n bewuste terugkeer na dit wat bekend en kosbaar is. In tye van verandering bied nostalgie as kulturele “herinnering” dus 'n plek van stabiliteit en normaliteit (Boym 2001:54).

Die konstante tekstuele omgang met 'n geïdealiseerde verlede, soos in die bewussyn van die protagonis Graaff, het gesedimenteer tot 'n refleksiewe utopologie (Strydom 2010:7), met 'n bedoelde dubbelduidige betekenis van die woord *refleksief*:

1. wederkerend / terugskouend / terugkaatsend
2. te doen met 'n refleks / natuurlike eerste reaksie sonder bewuste denke; dui op diepgewortelde ideologie.

In hierdie definiëring van 'n refleksiewe utopologie dui *utopologie* op die heenwys na 'n verlangde utopia/utopie (met sinonieme *idealiserings*; *illusionisme*; *begogeling*; *illusionêr*; *idealisties*; *onhaalbaar* – deurgaans negatiewe woorde wat spesifiek die enigszins reaksionêre refleksiewe utopologie omskryf). Refleksiewe utopologie word ten nouste verbind met ideologie, 'n teruggryp na die verlede met die implisiete ideologie dat dit toe beter was (Strydom 2010:7). Die versetwekkende refleksiewe utopologie is ontnem van enige moontlikhede vir 'n radikale ander toekoms: “For humanity to develop, we must keep an open faith in the future and guard against the memory which draws us back into the past and the anxiety which consumes us in the present” (Moynan 1986:21-2).

In sy seminale werk *Lectures on ideology and utopia* (1986) benadruk Ricoeur (1986) die negatiewe konnotasies wat aan die woorde *ideologie* en *utopie* kleef. Hy besluit dat ideologieë altyd vals is en dat die term normaalweg pejoratief gebruik word. Utopia is

volgens hom 'n onbereikbare fantasie. Ideologie en utopie vertoon onverwant. Ideologie pretendeer om die werklikheid te weerspieël, maar is die meganisme waardeur bepaalde gemeenskappe of sosiale ordes in terme van waardes, oortuigings en tradisies verenig word. Utopia streef na verandering binne 'n gemeenskap op so 'n manier dat die gaping tussen die bestaande realiteit en die ideaal belig word: "Utopia negates the contradictions in a social system by forging visions of what is not yet realized either in theory or in practice" (Moylan 1986:1). Utopia is dus 'n visie of motivering om die bestaande gemeenskap te verander of te verwerp.

Hoewel hy deeglik bewus is van die onderskeidings – ideologie as 'n verwringing van realiteit en utopie as ontvlugtingsfantasie – argumenteer Ricoeur dat beide terme ook 'n positiewe integrerende funksie in die sfeer van sosiale transformasie en kulturele verbeelding het. Hy formuleer dit soos volg: "The organizing hypothesis is that the very conjunction of these two opposite sides or complementary functions typifies what could be called social and cultural imagination" (Ricoeur 1986:2). Die tussenspel tussen ideologie en utopie word direk verbind aan die visie van die ideale lewe en gemeenskap, met behoud of transformasie van die status quo. Vir Ricoeur is utopia 'n demokratiese toekoms, 'n ideale illusie waar vrede, geluk en welvaart heers. Die teenoorgestelde is waar vir die refleksiewe utopis/utopia (binne die refleksiewe utopologie), wat sporadies teruggryp na 'n era gekenmerk deur koloniale benaderings. Hoewel die protagonis Graaff sterk refleksiewe utopologiese kenmerke openbaar, ontkom Van Heerden aan die nastreef van sodanige utopologieë deur 'n spoor van moontlikhede in sy roman te laat wat die leser lei tot 'n meer futuristiese siening van utopia. Hieronder resorteer die metatekstuele besinnings van Graaff, geuiter teenoor sy studente, en die magnaat se siening dat Afrika baie potensiaal het (210), wat 'n meer positiewe siening en hoop vir die toekoms suggereer. Hoewel die roman sterk refleksief utopologies gefundeerd is, word die moontlikhede vir 'n utopiese toekoms daarenteen wel ook aangebied.

Ashcroft, Griffiths en Tiffen (1989:7) beweer: "One of the main features of imperial oppression is control over language." 'n Kenmerk van postkoloniale kulture en letterkunde is die spanningsverhouding waarin dit tot die magstrukture staan. 'n Belangrike faset van hierdie mag is die bevoorregte posisie wat aan taal toegeken word. Michel Pêcheux (in Ashcroft e.a. 1989:171) identifiseer twee kenmerke van postkoloniale studies: dit berus op vooropgestelde betekenis, en betekenis lê nie in taal self nie, maar in die posisie van die taal as betekenaar in die sosiale, politieke en kulturele omgewing. Ashcroft e.a. (1989:24) wys ook op hierdie belangrike aspek van 'n postkoloniale benadering in 'n verwysing na D.E.S. Maxwell se model: "questioning the 'appropriateness' of an imported language to describe the experience of place in post-colonial societies", en verwys na Gayatri Spivak se siening: "There is no space from where the subaltern subject can speak" (1989:177). Die Afrikaner, tot so onlangs as 1994 die magshebbende in Suid-Afrika en betrokke by die onderdrukking van ander, word tans self as ander gemarginaliseer. In *Asbesmiddag* is dit juis hierdie "onderdrukte ander", die wit Afrikaanssprekende Afrikaner, wat aan die woord is. Homi Bhabha is dus korrek in sy aanname dat die onderdrukte ander wel kan praat (in Ashcroft e.a. 1989:178).

Die postkoloniale tydperk in Suid-Afrika het in die 20ste eeu op 'n gefaseerde manier aangebreek: in verskillende fases is verskillende bevolkingsgroepe van (koloniale) oorheersing bevry. Suid-Afrika word in 1910 met uniewording 'n onafhanklike staat, weliswaar binne die Britse Gemenebes. Suid-Afrika se republiekwording volg in 1961. In 1994 word alle Suid-Afrikaners bevry van onderdrukking met die einde van apartheid. Suid-Afrika ondergaan dus twee keer dekolonisering, met 'n direkte invloed op Afrikaans: Afrikaans wat ly onder kolonialisme (Engelse imperialisme) en Afrikaans as die taal van die verdrukker. Postkolonialisme het in beide gevalle 'n bepalende invloed op die kulturele identiteit van die wit Suid-Afrikaner en die Afrikaanse taal:

In an important sense, postcolonial theory marks [...] the return of class as a marker of difference [...]. Conversely, there are those who see in postcolonialism not the return of the repressed, but the return of the Same in the guise of the Other. The language of race, class and nation is commuted into a universal crisis of "identity" that makes these vexed issues more palatable within the academy. Thus, from this perspective, postcolonialism would not be a radicalization of postmodernism or Marxism, but a domestication of anti-colonialism and anti-racism. (Maley, Moore-Gilbert en Stanton 1997:3-4)

Postkolonialisme handel oor kulturele identiteit in gekoloniseerde gemeenskappe en die stryd om die ontwikkeling van 'n nasionale identiteit na dekolonisering. Daar word veral aandag gegee aan hoe die skrywer sodanige kulturele identiteit artikuleer in die roman. Die stryd om 'n eie identiteit, geskiedenis en toekomsmoontlikhede speel dikwels af in die metropool met behulp van postkoloniale magstrukture soos universiteite:

Bhabha has devoted himself primarily to issues generated by the legacies of colonial history, and traditional discourses of race, nation and ethnicity, and their implications for contemporary cultural relations in the neocolonial era. Bhabha is especially preoccupied by questions of cultural exchange and identification [...] of cultures sharing the same (metropolitan) space and relations of ostensible, if often illusory, equality. (Maley e.a. 1997:36)

Postkolonialisme, direk geanker in historiese ontwikkelinge, betrek die effek van kolonialisme op verskillende kulture en gemeenskappe in die postonafhanklikheidsperiode, in hierdie geval die tydperk ná 1994. 'n Postkoloniale benadering word aangewend om die sosiopolitieke, linguistiese en kulturele ervaring van die wit Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner as minderheidsgroep in 'n nuwe bestel en heersende orde, soos weergegee in die eietydse roman, te ondersoek. In hul essay "Toward a theory of minority discourse: What is to be done?" skryf JanMohamed en Lloyd (1997:234): "What links minority cultures is their shared antagonism to the dominant culture [...]. Opposition and subordination are integral parts of minority discourse." Volgens JanMohamed en Lloyd (1997:238) is minderheidsdiskoers die gevolg van die sistematiese afbreek van, en skade aan, kulture wat deur die dominante kultuur na 'n marginale posisie verdring is:

The destruction involved is manifold, bearing down on variant modes of social formation, dismantling previously functional economic systems, and deracinating whole populations at best or decimating them at worst. In time, with this material

destruction, the cultural formations, languages, and diverse modes of identity of the “minoritized peoples” are irreversibly affected, if not eradicated, by the effects of their material deracination from the historically developed social and economic structures in terms of which alone they “made sense”.

Minderheidsdiskoers kan gevolglik gesien word as ’n vorm van ideologie in dieselfde sin as wat Karl Marx geloof beskryf in *On the Jewish question* – tegelyk die vergeesteliking en die uiting van nood – met die kritieke verskil dat in die geval van die minderheidsvorme selfs die vergeesteliking van hul nood gesien word as ’n primêre strategie vir hul oorlewing, vir die behoud van hul kulturele identiteit. JanMohamed en Lloyd (1997:239–40) bepleit dus ’n volgehoue teoretiese en argivale stryd (soos aangebied as literatuurteoretiese besinnings en die bewaringsaksies van die magnaat in *Asbesmiddag*), vir so lank as wat die kultuur van oorheersing globaal voortduur.

2. *Asbesmiddag* (2007)

In Van Heerden se oeuvre kom dikwels sosiopolitieke kwessies uit die Suid-Afrikaanse konteks ter sprake (Erasmus 1999:679). Erasmus wys op die aanwending van sowel inter- as intratekstuele verwysings, asook op ooreenkomste tussen gegewens in sy romans en outobiografiese besonderhede. Volgens Painter (2007:4) skryf Van Heerden doelbewus aan ’n oeuvre eerder as bloot ’n reeks individuele romans.

“Die gebeure en karakters in hierdie roman is fiktief” is weliswaar die skadeloosstelling voorin *Asbesmiddag*, maar hierdie roman is subversiewe fiksie met ’n hoë mimetiese inhoud, waarin striemende kommentaar op die eietydse Suid-Afrikaanse gemeenskap gelewer word. Die skrywer-karakter in die roman bevraagteken sy intensie om ’n roman te skryf oor sy eie werkplek en oor ’n figuur soos die Doktor, wat duidelik gebaseer is op die beroemde sakemagnaat Anton Rupert (265). Hierin is by implikasie reeds ingebed ’n ooreenskuif van geskiedenis, fiksie en werklikheid. Van Heerden woon in Stellenbosch, is werksaam by die Universiteit van Kaapstad in die Skool vir Tale en Letterkunde, is hoof van die departement Afrikaanse en Nederlandse studies, en is daar aan die hoof van ’n kreatiewe skryfprogram in prosa. Hy gee ook klas in literêre teorie, mediastudies en Suid-Afrikaanse en Nederlandse letterkunde. Die protagonis in *Asbesmiddag*, Sebastiaan Graaff is (soos die skrywer Van Heerden), as romansier bekend daarvoor dat fiksie en werklikheid in sy werk vermeng is (26). In ’n latere metatekstuele besinning sê Graaff: “Die beste raad is om niks te ontken nie, om die osmose tussen jouself en jou boeke te aanvaar in die nugtere besef dat jou boeke jóú skryf, en dat daar geen ontsnapping is nie” (32).

Die roman gee uiting aan die emosies van die skrywer en beeld die werklikheid getrou uit deur die manier waarop die sosiopolitieke realiteit in die fiksionele teks (roman) neerslag vind. Die dorp waar die skrywer woon, word in die roman tereg geïdentifiseer as Stellenbosch: “Hy is bewus daarvan dat dele van sy klein Utopia eens die woonplek was van bruin Stellenbossers wat onder die apartheidswetgewing moes uitskuif” (123).

Die oukatoriële verteller het ’n panoramiese visie op die verhaalwêreld en lewer kommentaar op die vertelde gebeure en handeling van die karakters. Die leser word selfs direk

aangespreek (45). Hoewel met duidelik herkenbare outobiografiese trekke van die skrywer, is die karakter in die teks wel fiktief. Met Van Heerden se romansier-protagonis, besig met die skryf van 'n nuwe roman, skep hy vir homself 'n mondstuk vir metafiksionele besinnings oor die huidige sosiopolitieke konteks en die globale ekonomiese landskap. As gevolg van hierdie selfrefleksiewe en outobiografiese invalshoek is die roman nie baie positief deur alle kritici ontvang nie (vgl. Burger 2007:15, Pakendorf 2007:4 en Rossouw 2007:12).

In *Asbesmiddag* besin die implisiete skrywer deurentyd oor die rol van die verlede, veral die kultuur en geskiedenis van die Afrikaner, deur die vervlegte geskiedenis van die skrywer-karakter en die magnaat. Graaff se verset teen die populêre kultuur en die nuwe orde in 'n veranderende Suid-Afrika gaan saam met 'n verlange na 'n verlore verlede, 'n refleksiewe utopologie. Painter (2007:7) wys op die fassinerende plaasgewe in die roman:

Die familieplaas is nou 'n geprivatiseerde vakansieplaas; eerder as dat dit van een politieke orde na 'n ander oorgedra is, van wit na swart hande (soos die plaas in Eben Venter se *Horrelpoot*), is dit oorgedra van een ekonomiese orde na 'n ander. Weer eens word die landskap ingepalm, maar nou deur geïndividualiseerde verbruikers met 4x4's en geld. Die plaas, as 'n soort skarnier tussen landskap en identiteit, speel dus toenemend 'n radikaal ander rol.

Britz (2008) belig hierdie herskrywing van die plaastema verder en ook hoedat Van Heerden “die tema van kommodifisering uitspeel in sy uitbeelding van 'n ou erfplaas in die Karoo wat omskep is in 'n speelpark vir toeriste”. Ook Post Chalmers, wat in die Waarheids-en-versoeningskommissie se dokumente opgeteken is as gewilde martelplek, word nou bedryf as 'n gastehuis (212–3). In *Asbesmiddag* word kommodifisering, die ewige strewe na wins, ook gekoppel aan die lewe van die romansier en akademikus (93). Die skrywer moet nou self bemerkbaar word ter wille van oorlewing, en juis hierin lê sy konflik met die hedendaagse sosiopolitieke en kulturele kodes. Painter (2007:6) meen:

Hier is Van Heerden se eie “liegfabriek” dalk steeds die beste metafoer. Die roman skryf teen die “lieg” in – van die bemarker, die politikus, die magnaat – wat die menslike kondisie as voltooid, voltooibaar, of bestendig uitbeeld. Polities gesproke sou 'n mens kon byvoeg die roman skryf teen die “lieg” in dat daar een taal, een groep en een identiteit kan wees; die groot lieg, vandag, van een waardestelsel, van wins.

Volgens Human (2008) is die protagonis, Sebastiaan Graaff:

middeljarig en ontnugter deur die burokratisering van die universiteit waaraan hy verbonde is; skepties oor sy rol en bydrae as skrywer in 'n tyd waarin die boek deur die beeld (televisie en film), die maatskappy (veral grootskaalse kommersialisering en globalisering) en die tegnologie (soos die internet) bedreig word. Op metafiksionele wyse worstel hy dus met die eise wat skryfwerk aan 'n kreatiewe persoon stel, asook die posisie wat die skrywer en letterkunde in 'n verbruikers- en toenemend politiek-korrekte samelewing inneem.

Die betekenislading van die roman word verdig deur die ryk verskeidenheid intertekstuele elemente in *Asbesmiddag* en Britz (2007:11) meen dat Van Heerden hierdeur verder bou aan die eenheid van sy oeuvre.

2.1 Intertekstualiteit

Die belang van intertekstualiteit in hierdie artikel is vervat in die breër betekenis van die term waar die teks ook as die produk van nietalige tekste, soos die sosiopolitieke realiteit waarin die teks ontstaan het, beskou word. Die digte integrasie van literêre materiaal uit ander sisteme vul die teks aan en ontsluit verdere betekenismoonlikhede. Die grense tussen werklikheid en fiksie word doelbewus vertroebel met die invoeging van welgekose intertekste wat met realiteit verband hou. Die intertekstuele spel bevestig en ondermyn beurtelings die outobiografiese en die fiksionele in die teks.

Painter (2007) meen dat Asbesmiddag sinvol in gesprek tree met temas in die onlangse Afrikaanse letterkunde rakende die Afrikaners se verlies aan politieke mag, en wat dit vir hulle identiteit, kulturele geheue en verhouding met die landskap beteken. Die roman dui op 'n meer eietydse betrokkenheid deur die verkenning van die dimensies van ons huidige tydsgreep en 'n meer verwickelde poging om op verskeie vlakke kommentaar te lewer ten einde verandering teweeg te bring. Sodoende word nie net die lokale sosiopolitieke omgewing betrek nie, maar ook 'n globale orde “van neo-liberale markfundamentalisme, die kulturele veranderinge wat deur elektroniese media soos die internet moontlik gemaak word, asook die opheffing van grense en prosesse van kulturele verplanting en hibridisering” (Painter 2007:4).

Raymond Carver het na bewering gesê dat 'n skrywer in 'n geval van skrywersblok iemand met 'n pistool die kamer moet laat binnekom (Crous 2009). In *Asbesmiddag* skryf Van Heerden:

Die lewe in hierdie land word goedkoop gemaak deur politiek. Voorin Pamuk, die Nobelpryswenner, se roman *Sneeu* word Stendhal aangehaal: Wanneer politiek 'n roman binnetree, is dit soos 'n pistoolskoot wat in 'n konsertsaal afaan. (71)

Die skrywer keer homself wanneer sy verhaal te polities begin word in sy bespreking van die akademie en die wit skrywer se reg om ook die verhale van swart mense te vertel: “'n Skoot het in die konsertsaal geklap en hy vlug na sy kamers” (87). Hy verbind die institusionele rompslomp ook met die Carver-verwysing wanneer hy daarna verwys as redes vir skrywersblok: “Hy ken die agente van skrywerskonstipasie: vergaderings, admin, gangpolitiek” (87). Graaff se skryfwerk word duidelik geag as behorende tot die hoë letterkunde wanneer hy sê: “Die kanon het dit toegeëien” (53).

Asbesmiddag, 'n kampusroman, skakel intertekstueel met J.M. Coetzee se betrokke roman *Disgrace* (1999) en Don DeLillo se *White noise* (1984). *Asbesmiddag* kan egter ook as speurverhaal gelees word, met die opbou van spanning deur onverwagte wendings in die gebeurelyn en leidrade waardeur die leser betrokke raak by die soeke na 'n oplossing. Die skeppingsproses word as gewelddadig voorgestel, 'n misdaad gebou op diefstal en verraad. Die skrywer benut 'n verskeidenheid narratiewe kunstgrepe waardeur die illusie van realiteit en geloofwaardigheid gehandhaaf word.

Asbesmiddag is 'n sterk intertekstuele roman, met verwysings na en aanhalings uit onder meer die Afrikaanse letterkunde, die wêreldletterkunde, literatuurteorie en filosofie. Daar word ruim van aanhalings gebruik gemaak in die roman. Die skrywer verryk hierdeur sy teks deur die betekenisvlakke intertekstueel toe te lig (313). Hier volg nou 'n bespreking van intertekstuele skakels in *Asbesmiddag* soos wat dit van toepassing is op hierdie artikel.

2.1.1 *Disgrace* (1999) – J.M. Coetzee

Van Heerden sluit aan by Coetzee in die nou omgang met realiteit deurdat sy roman ook herkenbare elemente uit die kontemporêre sosiopolitieke Suid-Afrikaanse realiteit insluit. Schoorlemmer (2008) belig Elizabeth Lowry se gevolgtrekking in *The London Review of Books* (1999): “*Disgrace* shows us the victory of one expansionist over another and it leaves Lucy silent, without a voice.” Die bevraagtekening van die wit mens se plek in Afrika word nog 'n stap verder gevoer deur hierdie moontlike (en weliswaar baie pessimistiese) antwoord. Hoewel Lucy die een is wat altyd meer ras-sensitief en polities korrek optree, is dit juis sy wat nou die slagoffer in postapartheid-Suid-Afrika is. Wanneer David haar probeer troos, sê hy: “It was history speaking through them [...]. A history of wrong [...]. It came down from the ancestors” (Coetzee 1999:156).

Hierdie gebeure dui op die ontgogeling van die karakters (en skrywer) met die hedendaagse sosiopolitieke situasie: selfs hy/sy wat in die ou bedeling téén die vroeëre onregte standpunt ingeneem het, is nie onaantasbaar nie. Selfs die vroeëre sendingwerk word bevraagteken: “[W]hat has it left behind, that huge enterprise of upliftment? Nothing that he can see” (1999:95).

Die situasie blyk makliker aanvaarbaar te wees vir die jonger generasie. David erken dat hy te oud is om te verander. Lucy kan wel buig voor die aanslag, maar hy sal dit nooit eervol kan regkry nie (1999:209). Hy besef dat sy generasie se benadering tot die realiteite van postapartheid-Suid-Afrika verstok is in 'n (steeds) koloniale siening: “Between Lucy’s generation and mine a curtain seems to have fallen. I didn’t even notice when it fell” (1999:210). Die skrywer in *Asbesmiddag* meen:

In plaas daarvan dat hy Afrika se inkanterende ritme vind, word sy formulerings eerder meer kompleks. Iets in my protesteer, besef hy. Ek word iets wat ek nie wil wees nie. *Designer Africa*, erken hy ten slotte aan homself. Hiermee kom jy nêrens nie. (260)

Coetzee skets verder 'n baie pessimistiese prentjie van postapartheid-Suid-Afrika: die verval van die sisteem in die lang wag om ná die aanranding by Ongevalle gehelp te word (1999:101); die veiligheidsmaatreëls wat hulle op die kleinhoewe benodig (1999:113); Petrus se planne met die grond (1999:117–8); die einde van 'n era van veilige plaasbewoning (1999:134); vee wat nou in die stad aangehou word (1999:175); en die groeiende getal inbrake (1999:176).

In die beskrywing van Giuseppe se kliënte in *Asbesmiddag* vorm dieselfde pessimisme deel van hulle beskouing van die hedendaagse Suid-Afrikaanse realiteit:

Sy is begaan oor korrupsie, die afdank van knap wit dorpsamptenary en die stadige meegee (“soos ’n vloer waaraan houtkewers knaag”) van plaaslike bestuur. Dit sal nog op ’n revolusie uitloop, meen sy, want ook die armes sukkel. Eendag gaan als nog in vlamme op. Pensioene daag nie betyds op nie, die klinieke word al vrotter, elektrisiteit word al om die hawerklap onderbreek. Die nuwe amptenary speel die perde, glip Vrydae weg casino toe en sê nie nee vir ’n bottel omkoopwhiskey nie. (16)

Die staatspatoloog is eweneens ontnugter deur die “afgesnyde kele, skedels waardeur koeëls getrek het en dooie vroue met verkrachte onderlywe” wat sy in oordaad moet aanskou (16). Die skrywer noem plaasmoorde “’n dolksteek in die mitiese hart van die Afrikaner” (211).

Van Heerden se Sebastiaan Graaff toon ooreenkomste met Coetzee se David Lurie. Lurie is ook verbonde aan ’n Kaapse universiteit wat hy “this transformed and [...] emasculated institution of learning” noem. Hier voel hy “more out of place than ever” (1999:4). Lurie, ’n professor in moderne tale, word genoodsaak om te fokus op kommunikasie as vakgebied wanneer die Departement Klassieke en Moderne Tale as gevolg van rasionalisering moet sluit. Graaff se fokus moet weer verskuif na Mediastudies. Graaff ag homself ’n akademiese vlugteling uit die moderne universiteit en meen dat die kampuslewe in ’n burgeroorlog ontaard het (19). Graaff het dit ook teen die burokrate se aanslag op denkruimte (19). Soos in *Asbesmiddag* vind ons in *Disgrace* metatekstuele besinnings wanneer Lurie sy skryfwerk deurdink: “So this is art, he thinks, and this is how it does its work! How strange! How fascinating!” (1999:185). Graaff meen dat hy met sy oë steel, maar:

Erger is hy nie as diegene wat hulle oor die land se verlede buig en poësie maak van die rotstekenkuns en die lewens van die arme drommels wat daarmee heen is nie. Daardie toeëiening van gebied is net so gryperig soos sy eie oë agter die Volvo se vensters. (168)

Hierdie aanhaling betrek die tydgenootlike posisie van die San en Khoi waaraan toenemend aandag gegee word in die hedendaagse literatuur. Die skrywer ag homself later ’n uitbouter op gelyke vlak met dié wat op die massas teer (321). Roos (2006:64) stel dit dat hierdie hedendaagse okkupasie met die San verband hou met onder andere ’n nostalgie na ’n geïdealiseerde en ongekompliseerde verlede, met ’n nuwe belangstelling in gemarginaliseerde groeperings en met ’n herkenning van die (ooreenstemmend) bedreigde identiteit van die Afrikaner.

Sodanige verwysings na die San versterk dus die betrokke aard van die teks ten opsigte van ’n bedreigde Afrikaner-identiteit en ’n refleksiewe utopologie.

2.1.2 White noise (1984) – Don DeLillo

Asbesmiddag sluit intertekstueel aan by die kampusroman *White noise* (1984) deur die akademikus so ontgogeling met die groei van die populêre kultuur- en mediastudies ten koste van klassieke tale en letterkunde:

[...] we share with the popular culture department [...]. The teaching staff is composed almost solely of New York émigrés, smart, thuggish, movie-mad, trivia-crazed. They

are here to decipher the natural language of the culture, to make a formal method of the shiny pleasures they'd known in their Europe-shadowed childhoods – an Aristotelianism of bubble gum wrappers and detergent jingles. (De Lillo 1984:9)

Graaff meen hy word gedwing uit die 19de-eeuse Europese romantiek na die verglyding en distopie van die internet (100). Die vervlakking in die akademie, soos ervaar deur die akademici-protagoniste Sebastiaan Graaff (*Asbesmiddag*) en Jack Gladney (*White noise*), word deur hierdie interteks bevestig as 'n globale bedreiging: "I understand the music, I understand the movies, I even see how comic books can tell us things. But there are full professors in this place who read nothing but cereal boxes" (1984:10). Graaff se siening van die grafiese romansier (122–3) weerklank in hierdie aanhaling uit DeLillo. Sy beskrywing van sy studente, die "bloedjies uit die videosfeer" wat maar net alles van sy PowerPoint-aanbieding sit en afskryf sonder enige insig, sluit hierby aan (271) en word verder bevestig deur die aanhaling van Michael Ignatieff dat "die institusionalisering van die intellektuele lewe die mees onderskatte bedreiging vorm vir vrye denke en die krag van die verbeelding" (291).

2.1.3 Toorberg (1986) – Etienne Van Heerden

In *Toorberg* word 'n kort beskrywing van Hendrik Bibault gegee en die Afrikaner-identiteit word hierdeur vooropgestel: "[H]ulle sê StamAbel het altyd vertel van die jong man Hendrik Bibault wat op Stellenbosch uitgeroep het: 'Ik ben een Africaander'" (Van Heerden 1986:118). Hierdie identiteitsmerker word betrek in die naam van die Biebouw Wyne in *Asbesmiddag* en word ook in meer besonderhede in die roman omskryf (125). Die oudburgemeester, wie se geliefkoosde woord *linguicide* is, noem die wyne wat hy nou maak Biebouw Wyne, 'n slim inspelings op Hendrik Bibault, die Afrikaanse taalstryder van ouds (16). Die oudburgemeester het dit spesifiek om die behoud van Afrikaans onder toenemende druk van Engelse verswelging.

Erasmus (1999:687) meen dat *Toorberg* verteenwoordigend is van die verbete stryd van die Afrikaner om die land wat hy en ander wit mense vir hulleself opgeëis het, te behou. Volgens haar is daar in die verhaal "nog sprake van 'n groot mate van geborgenheid binne 'n (weliswaar uitgediende) feodale opset, maar dit word bedreig". In *Asbesmiddag* is 'n heenwyse na die bedreiging vir sodanige opset wanneer Giuseppe sê dat hy nie die swart man se hare kan sny nie, en die man antwoord: "Dan is dit tyd dat jy leer. Dis Afrika, my vriend" (73). Die plek van die wit mens in Afrika word weer bevraagteken. Later noem die skrywer dit "die neurotiese band van die Afrikaner met Afrika se grond [...]. Dis 'n ambivalente band; dis geen vanselfsprekende tuishoort nie. Vreemdelingskap, angs oor identiteit en taalvryheid speel 'n rol" (212).

2.1.4 Teorie en filosofie

Van Heerden integreer 'n groot aantal diverse intertekste in die roman en plaas sodoende die fokus op die rol van die kunstenaar asook die etiese probleme waarmee 'n skrywer gekonfronteer word in die Suid-Afrikaanse sosiopolitieke samelewing. In 'n besinning oor

die verlies van die geskrewe woord wys Graaff op die ironie dat dit juis James Joyce is wat die eerste bioskoop in 1909 in Dublin geopen het, en word die roman en die digter gejuksstaponeer met Steven Spielberg en Quentin Tarantino (97). Hy wys op Joyce se bewussynstroomtegniek en dink aan Joyce se epifanie, “die oomblik van klaarheid en begrip” (37), wanneer hy die slot van sy roman oordink. In *Asbesmiddag* ontwyk hierdie oomblik die skrywer en kan hy eers later, wanneer hy terugdink, dinge in perspektief sien (338–9). Vir die leser is daar egter geen maklike of duidelike oplossing nie.

In sy gesprek met die atleet-student, wat soek na sterker karakters as die antiheld, adviseer Graaff hom: “Dan laat jy maar Dostojevski en Proust en Balzac agter jou; dan slaan jy ’n ander weg in” (78). Hy betrek Foucault se rituele van uitsluiting as voorwaarde om die tydsges behoorlik te kan begryp wanneer hy sy werkure aan sy hoof moet uiteensit:

Hulle sit juis daar as benoude Afrikaanssprekende vakgroepie naas die ewe klein en benoude Xhosa-vakgroep. Dis ’n stadskampus wat meedoënloos voortbeweeg die toekoms in; daar hoor jy nooit Xhosa of Afrikaans nie. Die klompie Afrikaanse studente – bruin en wit – en die studente wat tuis Xhosa praat, steek hul private identiteite goed weg. Hulle vind mekaar en die res van die studentegemeenskap in die globale taal – Engels. Niemand wil *uncool* en agterlik voorkom nie. (83)

Met verwysing na teoretici en filosowe, spreek Van Heerden die hedendaagse sosiopolitieke realiteit aan, veral ten opsigte van taalverlies en die toestand by Suid-Afrikaanse universiteite. Hy haal Foucault oor Nietzsche aan (18) en dink aan Sokrates wanneer hy sy eie posisie by die universiteit in oënskou neem:

Sy werkplek aan die universiteit word op hoopvolle wyse ’n Skool genoem. Die Skool vir Tale – ’n verskeidenheid departemente saamgeklont om geld te bespaar. Swahili wat Latyn onthuts dophou. Xhosa met die oog op Duits. Engels, die kolonialiseerder, sit buite die Skool, ’n departement op sy eie, soewerein en oppermagtig. (97)

2.1.5 *Eietydse ikone: Oprah Winfrey en Bok van Blerk*

Die skrywer haal “Harper’s essay” van Jonathan Franzen aan en verwys na Oprah Winfrey se boekklub, ’n sterk sinspeling op die skrywer en sy werk as kommoditeit, omdat ’n verskyning op Winfrey se program noodwendig groter verkope inhou (77). Hierdie intertekstuele verwysings na werklike persone, en die manier waarop hul ikonisiteit bydra tot die struktuur van die hedendaagse sosiopolitieke realiteit, dui verder op die betrokke aard van die roman.

Ook Bok van Blerk se “De la Rey”-lied (Van Blerk 2006) kom aan bod wanneer die skrywer die toepaslikheid van die liedjie in ’n hedendaagse toeriste- en universiteitsdorp, selfs “Klein Europa” genoem, sterk bevraagteken: “Waarop loop ek? Wonder hy dan. Op die dak van ’n ammuniemagasyn?” (244). Die liedjie kan beskou word as ’n ideologies eensydige uitbeelding van Afrikaner-identiteit deur die herkonstruksie van gebeurtenisse vanuit die verlede wat ’n spesifieke perspektief bied op omstandighede in die hede. Mondli Makhanya, *Sunday Times* se redakteur, beskryf die liedjie selfs as die eerste *struggle*-lied van die nuwe

Boere-Afrikaners (soos na verwys in Lambrechts en Visagie 2007). Die desillusie met die nuwe bestel, soos ook verwoord in *Asbesmiddag*, word met die “De la Rey”-lied verbind.

3. Kontekstuele diskoers

Harland (1999:209) beskryf sosiohistoriese omstandighede as bepalend van ons perspektief, omstandighede wat voortbou op vroeëre omstandighede en waarin vroeëre perspektiewe vervat word. *Asbesmiddag* sluit aan by die tema van politieke of sosiale betrokkenheid deur die bewustheid van die onsekerhede wat almal in die nuwe bestel teister. Die roman toon ’n lewende band tussen die hede en verlede, maar die toestand het sodanig verander dat die wit Afrikaner as onderdrukte figureer en die verzet nou teen die verlies van ’n eie identiteit is. Wasserman en Jacobs (2003:20) verbind kultuur en identiteit met magsverhoudinge en meen dat sosiopolitieke magsnetwerke en verdelings van die verlede steeds ’n invloed in die hede het: “Wanneer daar dus gevra word waarom die identiteite van die verlede steeds vandag opklink in debatte, is deel van die antwoord dat die samelewing waarbinne hierdie identiteite gevorm word steeds in groot mate die strukture van die verlede weerspieël.”

Kwessies rondom kulturele identiteit maak deel uit van ’n baie prominente diskoers in postkoloniale Suid-Afrika. ’n Ondersoek deur Wasserman (2000) na die konstruksie van kulturele identiteit in onlangse Afrikaanse kortverhale toon dat die soeke na, en krisis rondom, identiteit as literêre tema juis binne hierdie komplekse en hibriede postkoloniale diskoers oorheers (Roos 2006:56). Herhalende temas is onder meer Afrikaans se statusverlies en die ontnugtering en gebrek aan idealisme oor die toekoms wat sekere Afrikaners karakteriseer (Roos 2006:50-1).

Wasserman (2000:97) identifiseer ’n weerstand teen die eietydse manifestasies van imperialisme in die onlangse Afrikaanse letterkunde. Verskeie aspekte van die huidige sosiopolitieke realiteit word betrek en gekritiseer in ’n diskoers van onvergenoegdheid wat ook dui op die desillusie van die Afrikaner.

Roos sluit hierby aan en wys op die hernude fokus op die belange van die Afrikaner (die ontevrede groep) wat sigbaar is in die onlangse prosa. I. Matsikidze, soos aangehaal in Wasserman (2000:97), beweer “a postcolonial era often brings a renewed focus on individual, group or class interests.

3.1 Ideologiese diskoers

Kenmerkend van die Afrikaanse prosa van vandag is dat die vertelling vanuit ’n marginale posisie plaasvind, van waar identiteit op uiteenlopende wyses bedink en beleef word. Luc Renders (in Roos 2006:59–60) beweer tereg dat die grootste deel van die hedendaagse Afrikaanse prosa ’n identiteitskrisis as kern het: “’n inkeringsproses weens ontnugtering met politiek-maatskaplike ideale”. Roos (2006:99) som dit op:

Dat gewysigde magsverhoudinge en die persepsies van ’n marginalisering van Afrikaans neerslag gevind het in die prosa, is baie duidelik. Die vrae rondom

identiteit, die ondersoek van die verlede, maar ook die uitbeelding van die verhouding tussen mens en plek hou hiermee verband.

In hul opstel “Toward a theory of minority discourse: What is to be done?”, bespreek JanMohamed en Lloyd (1997:242) minderheidsdiskoers:

“Becoming minor” is [...] a subject-position that in the final analysis can be defined only in “political” terms – that is, in terms of the effects of economic exploitation, political disenfranchisement, social manipulation, and ideological domination on the cultural formation of minority subjects and discourses. The project of systematically articulating the implications of that subject-position – a project of exploring the strengths and weaknesses, the affirmations and negations that are inherent in that position – must be defined as *the* central task of the theory of minority discourse.

Die rol van die intellektueel (of akademikus) uit die marge is problematies vanuit ’n postkoloniale benadering. Die intellektueel is dubbel-gemarginaliseer deur die institusionele strukture waarbinne hy/sy funksioneer. Die intellektueel skat die kollektiewe aard van minderheidskulture na waarde, maar is terselfdertyd afgesny van sodanige kulture as gevolg van die uitsluiting daarvan deur die hegemoniserende funksie van die tersiêre instelling. Volgens Maley e.a. (1997:243) word die minderheidsintellektueel dikwels ook binne die instelling gemarginaliseer, deels op grond van voortdurende rasse- en genderdiskriminasie, maar ook as gevolg van die sistematiese verskuiwing van minderheidsbelange na die periferie van akademiese werk.

Knowing that exploitation and discrimination are [...] the products of concrete and contestable historical developments, the minority intellectual is committed to the critique of the structures that continue to legitimate them. The minority intellectual must also be committed to a reappraisal of “affirmative action”, which in the humanities has meant either the creation of special units [...] that have been relegated to the margins of the universities or the employment of one or two minority individuals in a large department. (Maley e.a. 1997:245)

As minderheidsintellektueel en -akademikus aan ’n Kaapse universiteit ervaar die skrywer-karakter Sebastiaan Graaff hierdie dubbel-marginalisering direk. Sy ervaring van die sosiopolitieke realiteit word betrek in die roman, veral ten opsigte van rasse- en genderkwessies en die nuwe imperialisme waaronder die hedendaagse metropolitaanse universiteit gebuk gaan. Hy wys op die onstuitbare verandering wat plaasvind binne die akademie, die wekroep dat die universiteit moet verander om in pas te kom met die wêreld (63). Die name wat hy noem van plekke wat agtergelaat word – “Moedverloor”, “Allesverloren”, “Soebatsfontein” en “Nooitgedacht” – is simbolies van die verlies, die ontnugtering en die worsteling met die eie identiteit wat hierdie institusionele veranderinge teweegbring (64). Hy bevraagteken verder die swart intellektuele se metafore van stryd, ’n register van botsing en opstand en die treurige gevolg van jare se stryd, en nou ’n manier van dink wat nog vir baie jare vorentoe intellektuele verarming tot gevolg sal hê (245). Ten spyte van hierdie ontnugtering met die akademie, vind Graaff sy toevlug in die universiteit (237).

In die essay “Discourse on colonialism” skryf Césaire (1997:81–2) teen ’n nuwe vorm van kolonialisme:

I am talking about societies drained of their essence, cultures trampled underfoot, institutions undermined, lands confiscated, religions smashed, magnificent artistic creations destroyed, extraordinary *possibilities* wiped out [...] I am talking about natural *economies* that have been disrupted – harmonious and viable *economies* adapted to the indigenous population [...] They pride themselves on abuses eliminated. I too talk about abuses, but what I say is that on the old ones – very real – they have superimposed others – very detestable. They talk to me about local tyrants brought to reason; but I note that in general the old tyrants get on very well with the new ones, and that there has been established between them, to the detriment of the people, a circuit of mutual services and complicity.

Die nuwe koloniseerder staan nou in die pad van ontwikkeling, terwyl die gekoloniseerde streef na vooruitgang. Césaire wys op die vernietiging van gemeenskappe, tale, stede en menseregte onder Europese imperialisme. Die gevolg was die ondermyning van totale beskawings, die vernietiging van lande, die ruïnering van nasionaliteite en die uitwissing van diversiteit. Die eietydse sosiopolitieke situasie is ’n direkte resultaat van hierdie vergrype: “The hour of the barbarian is at hand. The modern barbarian. [...]. Violence, excess, waste, mercantilism, bluff, gregariousness, stupidity, vulgarity, disorder” (Césaire 1997:88).

Die skrywer in *Asbesmiddag* verwoord dieselfde sentimente en beskryf die nuwe republiek soos volg:

[I]edereen is voortdurend verontwaardig [...]. Dis die houding van ’n burgery wat konstant ingedoen, verontreg, buite beheer en agtergelaat voel [...]. Dis die nuwe wat halsorkop by die oue oorneem [...]. Die republiek is twaalf jaar oud en die hekke is oopgegooi. (75)

Hy noem Suid-Afrikaners later ’n “nasie van klaagliederesangers” en meen dat politiek die lewe in Suid-Afrika goedkoop en oppervlakkig gemaak het. Hy het dit veral teen die uitstal van seerkry deur ’n toenemende aantal Suid-Afrikaners vanuit verskillende vlakke van die samelewing:

Jong wit mense kry nie werk nie en alle studiebeurse gaan aan jong swartes, boere word uitgemoor op hulle plase, gays word beledig, tale word ontken, vroue word verkrag, swart mans word as kwota-aanstellings afgemaak. Rassisme, chauvinisme, swart nasionalisme, elke moontlike -isme knaag aan die nuwe republiek, en elkeen loop mank van die seerkry. (71)

Die einde van apartheid noodsaak die Afrikaner om ’n nuwe identiteit binne ’n nuwe konteks aan te neem. Vir 84 persent Afrikaners is opleiding ná matriek nie vanselfsprekend nie. Dié geslag jong Suid-Afrikaners, wat ná 1994 gebore is, voel hulle word van hulle toekoms beroof omdat hulle slagoffers is van diskriminerende transformasiebeleide. Gelouterde Afrikaners soek antwoorde vir hulle pyn, frustrasies, woede en bekommernisse. Hulle is besig om binne ’n Christelike demokratiese raamwerk hul identiteit te herdefinieer. In hierdie proses gryp hulle op nuwe maniere terug na hul geloofsbasis en is daar ’n nuwe identifisering

met die Afrikaner se kultuur en geskiedenis. In sy eie pogings om die ná-1994-Afrikaner te probeer definieer, praat die regering, binne die konteks van sy eie ideologiese en politieke raamwerk, van “kolonialiste van ’n spesiale soort” (Mbeki-era) of “die enigste wit stam van Afrika” (die Zuma-era). Hierdie twee-nasies-ideologie, met wit en ryk teenoor swart en arm, vorm steeds die basiese aanname vir hul verhouding met die Afrikaner (Langner 2009:8).

Van Heerden leer heelwat omtrent die onderdrukte bestaan in die swart townships van Kaapstad terwyl hy in die regte praktiseer. In *Asbesmiddag* is sy kennis van die townships duidelik in sy beskrywings van Graaff se besoek aan dié gemeenskappe. Die besoeke belig veral die twee-nasies-ideologie. Die skrywer (Graaff) noem die swart mense in die townships “die onderklas” en “diegene wat hy vrees” (168–9). Die atmosfeerryke milieuskildering wek afwagting en spanning op. Gedurende die rit deur die plakkerskamp besef Graaff: “Dis een ding [...] om van agter glas te kyk na die dinge waarby jy verbyry, maar dis iets anders om hier so ontbloot te wees, in hierdie steeg met sy moeë lywe, sy rommel, sy desperate tydelikheid” (284). Hierdie bevraagtekening van die posisie van die Afrikaner, die afstandelikheid en onbetrokkenheid, word aan sy eie lewe en omstandighede gekoppel.

Die ruitglas in die venster van sy woning word ’n metafoor vir die (wan)persepsie wat soms deur die geskiedenis voorgehou word: “Kyk, die ou glas is nog in die vensterrame (dit maak die buitewêreld vaag met beelde wat oor die vensterglas loop asof deur ’n dun lagie water)” (139). Die glas word vir hom ’n veilige skans teen die werklikheid daar buite, maar dit laat hom ook selektief net dinge op ’n bepaalde manier sien. Die ruitglas suggereer dus die metaforiese skeiding tussen die twee nasies waardeur beelde soms erg verwring word en waardeur die twee-nasies-ideologie suksesvol gehandhaaf word. Die plek van die wit mens in Afrika is op die voorgrond wanneer die skrywer (na aanleiding van naamgewing in vreemde tale eerder as in Afrikaans), sê: “Klaarblyklik voel ontwikkelaars dat potensiële kopers oral sal wil bly behalwe in Afrika” (17). Afrika word deurentyd as ’n antagonistiese ruimte vir die Europeër voorgehou: “Afrika is nie ’n kontinent waar jy ooit te gerus kan raak nie [...]. Versigtigheid is ingeteel; dis hier deel van die gene van mens en dier” (199). Die ontmoeting met die dier wat hy op sy nagwandeling in die bos teëkom, word ’n metafoor vir die sluimerende onrustigheid, gewortel in die skuldbesef van apartheid, wat die wit Afrikaner tans ervaar: “Onbevrees druk die dier vir hom ’n pad oop [...]. Waarmee hy gekonfronteer is, weet hy nie. Dit was ’n aanklag, ’n verwyt. ’n Ou skuld, iets te doen met gevangenskap en vrylating” (200). Hy sê ook: “Skuld is tog nie vreemd aan sy afkoms, sy mense en veral sy generasie nie” (109).

In die herinneringe van sy kinderdae onthou Graaff die plaasbediendes wat ’n groot invloed op sy lewe gehad het, die liefdes wat deur apartheid verbloem is. Hy besef “hulle het verdwyn in die naamloosheid wat die ruimte vorm vir soveel swart en bruin karakters in die verhale van hierdie land”, en dat hulle storie ook nie in hierdie verhaal van hom vertel gaan word nie (19). Opmerklik is dat die plaasruimte meestal figureer as mentale ruimte (Wiehahn 1994:261) in die geheue van die protagonis. Die plaasruimte word nou gekoppel met die identiteit van die wit Afrikaner. Dit is ’n sleutelruimte waarbinne die Afrikaner se geskiedenis, leefwyse en waardes openbaar word. Coetzee identifiseer “the farm as source of

meaning”, en Van Heerden voer aan dat ons “almal op ons manier ’n plaas verloor [het]. ’n Lewenswyse, ’n soort besit” (Lubbe en Wiehahn 2000:158). Wanneer die skrywer se wêreld om hom begin ineenstort, wil hy weer terugkeer na sy familieplaas in ’n poging om sy identiteit terug te kry: “Ek moet terug na Nooitgedacht, dink hy. Hier kan dit nie meer nie. Alles val uitmekaar. Hulle wil my studente van my wegneem, my taal, my vakgebied [...] wat word van [...] my?” (173).

Die reis na die plaas, die vryheid en die bevestiging van sy identiteit word ’n metaforiese hergeboorte: “Deur die gleuf groen na waar die graniet oopgedinamiet is sodat die wind hom deur ’n kloof suig tot waar die vlakke oopmaak. Nooitgedacht toe. Sulke tye weet hy hy’s sy vader” (181). Die plaasruimte van sy kindertyd (18–9;40–1;48–9) word gebruik as indirekte karakterisering en belig sy ontuisheid met die nuwe bestel. Hy wil teruggaan na Nooitgedacht in ’n poging om sy identiteit terug te vind. Die ruimte om hom vorm betekenisvolle parallele met sy optrede. Graaff woon alleen en sit altyd alleen by dieselfde restaurant. Sy gereelde besoeke aan die salon word ’n geleentheid om weg te kruip van die dinge wat hom jaag (19), te ontsnap van sy universiteitsverpligtinge (64) en om weer volkome skrywer te word. Hierdie geroetineerde aksies onthul sy statiese en onveranderlike eienskappe. Deur die indirekte karakterisering word hy vroeg in die teks reeds as gemarginaliseerde vooropgestel.

Graaff besin oor die lot van plaaswerkers en Boesmans onder sy voorgeslagte (219–20). Hierdie herinnering roep duidelike postkoloniale beelde op. Graaff meen dat rassesseiding steeds gereedlik voorkom wanneer hy beskryf hoe die swart huishulp op die motor se agtersitplek moes sit wanneer ’n wit man bestuur. Hy is oortuig dat kleur nog altyd vererotiseer was in Suid-Afrika en dat hierdie gewoonte ontstaan het om die suggestie van erotika oor die kleurgrens te vermy (75). Die Pierneef-doeke verteenwoordig vir Graaff die uitdrukking van die Afrikaner se ideaal deur kuns en herinner hom aan sy eie verlede, “toe dinge vas in die hand was van ’n generasie wat gedink het dat hulle hierdie land kan tem. Dat hulle mense kan struktureer na hul wil” (202). Graaff besin ook oor die herkoms van die mens: “Wie weet waar ons voorouers vandaan kom, dink die skrywer, watter bloed in ons are vloei [...]?” (327).

Graaff se verweer is om homself deur sy groeiende versameling boeke en skilderye teen die buitewêreld te verskans (112). Vir die skrywer is sy “*found objects*”, wat hy na jare weer uitpak, ’n steun en toevlug: “Lanklaas het hy so ’n troostende maar ook ontstellende ervaring gehad soos dié blootstelling aan die curiositeitskabinet van sy verlede” (314). Die tema van aflegging en verlies word weer betrek wanneer hy die magnaat se bewaringsaksies noem, ’n tekenende daad vir die behoud van die Afrikanerkultuur: “die magnaat se kompulsie om te herstel, om te bewaar, om hele dorpe reg te ruk en agter te laat as erfenis. Die magnaat weet, nes hy, van vergaan en verlies, van die groot droogte en die tydelikheid van die vertroosting” (208). Die Doktor se fokus op bewaring is “’n projek om terug te vind wat verlore is” (324). Optekening en argivering, tekenend van kultuurpessimisme, figureer as ’n noodsaaklike praktyk binne die refleksiewe utopologie: “’n Wêreld, ’n beskawing, ’n lewensorde is besig om onder te gaan, uit te rafel, te disintegreer. Al wat ons kan doen, is om op te teken sodat ten minste die vertelling as iets tasbaars kan oorleef” (Giliomee 2010:4).

Die meubelwinkel waar Graaff 'n vergrootglas gekoop het, is vol met goedere wat eens mense se kosbare besittings was, deel van hul kultuur was. Daar kleef nou 'n reuk van “angs, verdriet en verlies” aan die goedere (327–8). Hierdie winkel verteenwoordig 'n kollektiewe verlies, die besittingsreg wat van een hand oorgaan na 'n ander. Dit kan as metafoor gelees word vir die veranderende sosiopolitieke Suid-Afrikaanse realiteit. Die skrywer roep onseker: “Ag, Afrika! Ons het geen sekerheid nie, ons die wit stam, nie waar nie?” (328).

Die Volvo is metafoor vir die middelklas (53). Wanneer die bergies (verteenwoordigend van die armoede en verval in Suid-Afrika) hom nader, word die Volvo vir hom 'n toevlug (153–4). Hy vind dus steeds 'n heenkome in die gemaksvoorwerpe van sy middelklasbestaan, ten spyte van die veranderinge om hom. Dit is ironies dat hy op pad na sy Volvo besin oor sy kursus en studente, en hulle waarsku om “die knusse bourgeois lewe agter te laat en uit te beweeg na die risiko van buitelanderskap” (170). In 'n metatekstuele besinning omtrent die Russiese Formaliste se “vervreemding” besef hy dat hy sy eie middelklasbestaan ook sal moet nuut maak: “Om hierdie dorp van hom, hierdie Volvo, daardie salon en stadskampus, om dié ruimtes van die gewoonte vreemd te maak. *Making it strange*. Hy moet verwring en vervorm; hy moet vernietig ten einde voort te bring” (176). Hy besef dat hy nie van sy skryfwerk alleen kan lewe nie, sy middelklasbestaan kan handhaaf sonder 'n addisionele inkomste nie: “Hy kan tog nie op fiksie staatmaak [...] om die Volvo se petrol te betaal nie” (275). Hy verbind dit verder met die vasteland: “En voltyds skryf is, soos almal weet, geen beroep vir Afrika nie” (29). Die Volvo word selfs later metafoor nie net vir 'n middelklasbestaan nie, maar ook vir die wit, middelklas Afrikaner wanneer hy meen dat die Volvo “'n verstand van sy eie het” tydens sy besoek aan die township. Die kontras met sy eie bestaan is duidelik uit sy beskrywing van die vreemde ruimte waarin hy hom bevind (282–5). Die plakkerskamp as simboliese ruimte (Wiehahn 1994:261) word hier die draer van die wyer implikasies van die verhaal, die tema van die wit mens se ontuisheid in Afrika. Die woonbuurt waardeur hy ry wanneer hy Giuseppe gaan besoek, word ook gekenmerk deur armoede, misdaad en verval. Die ruimtelike beskrywing (293–4) van “[h]ierdie ander land” belig die sosiale skeidslyne en het 'n vervreemdende effek op die skrywer.

Die rassiespanning wat steeds heers, is nêrens so duidelik as tydens sy besoek aan die nagklub naby die Afrika-haarsalon tydens die karaoke-kompetisie nie (277–81). Hier is hy die “whitey”, die “Boer”, die “seer duim in die hoek”, 'n “wit voëlverskrikker wat, “styf soos 'n corpse”, nie hoort tussen “die people” nie. Die salon word ook gesluit na 'n aanklag van rassisme (172).

Die beskrywing van sy verhouding met die grafiese romansier word 'n metafoor vir die sosiopolitieke Suid-Afrikaanse realiteit, die verskille binne die eenheid: “[D]is die frustrasie van een gees met 'n ander, van een mens onwaarskynlik trompop gebring met 'n ander, 'n fout van die heelal, 'n toevalligheid. 'n Eksperiment sonder uitslag” (316). Sy noem hom selfs “'n pretentious Boor professor” (186). Graaff verwys na sy stryd om die veranderinge in die land te kan aanvaar en besin oor elkeen se plek in die nuwe Suid-Afrika:

Kaal staan ons teenoor mekaar, weerloos gelaat deur die geskiedenis, mank aan wat ons was. Mooi kodewoorde hou ons soos vyeblare voor ons, mooi politiek korrekte

terme, maar eintlik is nie een van ons behoorlik gekwalifiseer vir hierdie nuwe burgerskap nie. (256)

Graaff se kritiese beskrywing van die mense in sy dorp kan as metafoor geles word vir die algemene sosiopolitieke siening van die Afrikaner. Hy noem die dorp 'n Afrikaanse eiland waar die inwoners, onbewus van die politieke vooruitgang buite hulle eie beperkte omgewing, hulself afsonder en steeds vashou aan die ou opposisies (319).

Kruger (2010:13) wys op 'n verslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) oor studente se akademiese sukses en toetrede tot die arbeidsmark waarin daar bevind word: “Die US is vergeleke met ander instellings ‘n unieke eiland van bevoorregting (*bubble of privilege*)”, wat 'n eggo is van Graaff se woorde. Die skrywer betrek die taalstryd (318–9), 'n brandpunt aan die Universiteit Stellenbosch ten tyde van skrywe, direk in die roman: “Op hierdie einste dorp waar hy woon, straf die plaaslike universiteit sigself oor sy Afrikaansheid asof die taal 'n geslagsiekte is” (247).

3.2 Taaldiskoers

Saam met die emotiewe strydpunt van die verlies van grond (die plaas), beween die skrywer (Graaff) ook die verlies van sy taal:

Dis hý wat hier hoort, nie hierdie vlugvoetige besoekers wat nie eers die taal ken [...] nie. Sy letterkunde, sy taal: 'n taal van droogte en afskeid, van die weemoed wat diep ingebou is. Van die begin af 'n taal wat sy bron, Nederlands, agtergelaat en verlies en afskeid daarin gehad het, 'n taal wat halsstarrig hierdie landskap in is en vlugvoetig moes word – taai, rats en weerbarstig. Afskeid en vertrek. 'n Seningrige taal vir hierdie wêreld. (191)

Hy bepleit die volgehoue gebruik van Afrikaans op alle vlakke van die samelewing (242). Vir Afrikaners is Afrikaans en hul Afrikaner-erfenis 'n aspek van hulle identiteit, 'n verryking, maar selfs, vir die meerderheid, die *kern* daarvan. Taal word nie net gebruik vir wetenskaplike uitvindings en ontdekkings nie, maar speel ook 'n belangrike rol as draer van kultuur. Suid-Afrikaners, wat hulle in 'n veelrassige en multikulturele samelewing bevind, word daagliks gekonfronteer met transkulturele kommunikasie. Taal word verpolitiseer in kulturele en sosiopolitieke magstryde, veral in tye van sosiale verandering, en word 'n instrument vir diskriminasie en beheer en om mense te kategoriseer. Taal speel 'n belangrike rol om verhoudinge te bevorder tussen mense of om negatiewe gevoelens te handhaaf: “Whatever choice is made regarding group membership, language is a key factor – an identification badge – for both self and outside perception [...]” (Saville-Troike 1982:188).

Ngugi wa Thiong'O (1987:15) wys op die nou verband tussen taal en kultuur en noem taal as kultuur die “kollektiewe geheuebank van historiese ervaring”. Bell (1993) sluit hierby aan wanneer hy taal as die draer van 'n spesifieke, evoluerende kultuur beskryf. Taal word in so 'n mate aangewend vir die uitdrukking van 'n kulturele groepservaring dat dit nie meer onderskei kan word van die kultuur wat die groei, artikulasie en oordrag na volgende generasies definieer nie:

[P]articlar languages embody distinctive ways of experiencing the world, of defining what we are. That is, we not only speak in particular languages, but more fundamentally become the person we become because of the particular language community in which we grew up - language, above all else, shapes our distinctive ways of being in the world. Language, then, is the carrier of a people's identity, the vehicle of a certain way of seeing things, experiencing and feeling, determinant of particular outlooks on life. (Bell 1993:158–9)

Die probleem rondom die definiëring van 'n nasionale identiteit lê veral in die verskille tussen etniese kulture, en taal is hier weer die grootste rolspeler. Die herskepping van 'n nuwe self, 'n nuwe identiteit, is problematies wanneer die metropolitaanse taal en gebruike behoue bly. JanMohamed en Lloyd (1997:239) beweer:

[C]ultural practices are an intrinsic element of the economic and political struggles of Third World and minority peoples. Indeed, exactly to the extent that such peoples are systematically marginalized *vis-à-vis* the global economy, one might see the resort to cultural modes of struggle as all the more necessary [...] the physical survival of minority groups depends on the recognition of its culture as viable.

Een aspek van die stryd tussen die hegemoniese kultuur en minderheidsgroepe is die herlewing en bemiddeling van kulturele praktyke wat voortdurend aan institusionele weglating, as vorm van beheer oor die geheue en geskiedenis, onderwerp word. Hierdie praktyk kan noodlottig wees vir 'n minderheidsgroep. Argivering, as vorm van teengeheue, is dus noodsaaklik vir die verwoording van minderheidsdiskoers (Maley e. a. 1997:239). Graaff versamel boeke en skilderye. Sy bewaringsaksie is 'n poging om hom te verskans van die (veranderende) buitewêreld (112). In sy vertelling van sy jeugjare beskryf Graaff die ou verpleegster as 'n argivaris wat alles dokumenteer (129). Hierdie bewaringsaksies dui op die teruggryp na die verlede in 'n poging om die eie identiteit te definieer binne 'n nuwe, veranderende bestel. Wanneer Graaff die foto-albums erf, verteenwoordig dit vir hom "'n era wat sy eie lewe eggo. Die glansgestolde foto's met politici uit die hoogty van apartheid'" (131). Graaff wys op die magnaat se kompulsie om te herstel en te bewaar, om dinge as erfenis agter te laat (208). Hy stel sy eie lewe as skrywer gelyk aan dié van die magnaat: "Is die Doktor se lewe nie dalk, nes die skrywer s'n, 'n projek om terug te win wat verlore is nie?" (324). Die behoud van die Afrikanerkultuur binne die refleksiewe utopologie kom veral aan bod wanneer hy die wakis as bewaarder van eie kultuur teenoor die bedreiging van vreemde invloede beskryf (328).

Graaff bepleit die gebruik van Afrikaans op alle vlakke wanneer hy die taal gelykstel aan 'n viool, 'n instrument wat kan uiting gee aan enigiets van 'n volksdeuntjie tot 'n komplekse vioolkonsert (242). Van Niekerk (2008) meen:

Van Heerden vra volgens my dat almal hier in beelde en in woorde, op papier, Afrikaans in ons skole, in ons kerke, in ons skrywes weer 'n keer in 2008 so sal besig dat ons moedertaal, ons kuns, musiek en kultuur sal groei, dat ons almal Afrikaans ons verantwoordelikheid tot die verhoging van ons menswees sal maak, Afrikaans in al sy vorme sal uitbou [...].

Graaff wys op die verlies van inheemse tale onder Engelse invloed: “Tesame met die paar swart taaldosente bevind hy hom op ’n klein eiland van andersheid. Buite Englishness” (86). Sedert 1994 is Afrikaans-en-Engels-tweetaligheid nie meer ’n vereiste in die staatsektor nie en het die meeste voorheen eksklusief Afrikaanse skole en universiteite Engels, of in sommige gevalle, een van die inheemse Afrika-tale, as ’n addisionele onderrigtaal ingevoer om die student- en personeelsamestelling te diversifiseer. Graaff bevestig dat die universiteitsowerhede slegs Engels praat: “Asof die kampus ’n vlieënde piering is wat dryf bo die uitgespreide stadsgebied waar die grootste huistale Xhosa en Afrikaans is” (247).

3.3 *Metatekstuele diskoers*

’n Bewustheid of onbewustheid van kanonieke gedistingeerdheid onderskei die akademiese van die nie-akademiese leser. Die insluiting van populêre literatuur in universiteitsillabusse is ’n groeiende tendens en ’n gevolg van die invloed van mediastudies. Die groei en uitbreiding van mediastudies, wat voortbou op sosiologiese tradisies, is verantwoordelik vir die toename in meer gesofistikeerde studies oor massamedia-gehoor (Hawthorn 1988:107). Kultuurstudies omsluit ’n diverse aantal perspektiewe en ondersoek nie alleen ’n verskeidenheid kultuurkategorieë nie, maar is ook noodsaaklik vir die politieke en ideologiese aspekte wat kontemporêre kultuur moontlik maak. Die fokus verskuif weg van die literêre kanon en die belang van verbruikerspatrone ten opsigte van kulturele artefakte word belangrik. Graaff bekla sy lot in hierdie verband:

[S]y Engelstalige lesings oor kultuurstudie word aangebied voor massiewe klasse, waar studente uitgestapel op sirkuspawiljoene sit [...]. Die Nederlandse poësie [...] sy oorspronklike spesialiteit, sy liefhebberij, sy lewe [...] het [...] onder hom gesterf [...]. As akademikus lê hy tussen dissiplines en wag op aftrede. (50)

Die verandering binne die universiteit wat, in pas met globale neigings, toenemend neig na beeldgesentreerdheid eerder as skrifgesentreerdheid, word ook deur Graaff gekritiseer (63). Hy meen dat universiteite besig is om wêreldwyd die dom weg in te slaan en neig om “worsmasjiene” te raak (70). Hy ag homself ’n drenkeling in die onstuimige waters van die oudiovisuele (97). Hy kom tot die gevolgtrekking dat die “randgenres van vandag môre se kanon gaan wees” (182). Hy waarsku die grafiese romansier dat selfs haar nering bedreig word deur die snel verandering en vooruitgang binne die digitale media: “Buitendien, gaming gaan jou grafiese romans museum toe verban, eersdaags. Welkom in die museum!” (236)

Asbesmiddag vertekstualiseer die hedendaagse sosiopolitieke realiteit. In ’n elegie oor ’n vergange tyd beweën Graaff nostalgies ’n verlore leefwêreld wat hy geken het (refleksiewe utopologie) en wonder skepties of alles wel die moeite werd was nou dat die spel verander het. Hy erken (80, 123) dat die opposisies van sy begindae as skrywer weg is en dat dinge nou meer kompleks is: “Ek is van ’n geslag skrywers wat maklike verklarings maak oor die onvoorspelbaarhede van die verlede nou dat geskiedenis in hierdie land herskryf word, maar hoe blind en hoe woordeloos is ons nie wanneer ons waarlik vorentoe moet kyk nie!” (330).

Graaff se verwysing na iemand wat met 'n pistool die kamer binnekom (71, 239, 305) dui op skrywersblokkasie, dat die skrywer sukkel om die roman te laat vlot. Dat die skrywer dit toenemend moeiliker vind om te kan skryf, dui op die vraag rondom die identiteit van die hedendaagse wit Afrikaanse betrokke skrywer. Binne 'n verander(en)de Suid-Afrikaanse sosiopolitieke konteks bevind die skrywer hom toenemend in die posisie van slagoffer, soos Graaff oor homself as akademikus opmerk: "Die tipiese akademikus van 'n eens liberale universiteit, wat nou ossilleer tussen sy tradisie van weerstand en die eise van gediensdigheid aan die nuwe orde" (22). Die skrywersgees moet weer ou gevegte oorveg, maar hy weet nie hoekom of teen wie nie (50). Roos (2006:67) noem dit 'n "nuwe (post-) koloniale stryd, een waar die skrywerspen as die mees effektiewe spies/umkhonto in die konflik tussen nuwe politieke maghebbers en die nuwe magloses ontwikkel word". Die literêre distopie, die moontlike duister toekoms, geniet tans aansienlike gewildheid in Suid-Afrika en bied ryke stof aan Suid-Afrikaanse skrywers en kunstenaars (Visagie 2009:12). Graaff, soos soveel eertydse, progressiewe Afrikaanse intellektuele en skrywers, is ontgogel deur die huidige toestand in die land en sy plek daarin:

My generasie het begin skrywe in 'n tyd toe ons eie mense, ons taalgenote, ons gehaat het oor wat ons oor hulle aan die skrywe was. Ons het hulle min genade betoon. Ons is oorlaai met haatbriewe. Doodsdreigemente. Ons motors se ruite is uitgeslaan. Gate in die petroltenk. En nou word my mond weer gesnoer. Hier in die nuwe Suid-Afrika is ek helaas weer nie goed genoeg nie. (100–1).

Breyten Breytenbach (2009:1) noem homself onder andere 'n "ontgogelde utopis" wat glo dat die droom van een nasie verlore is deurdat die Suid-Afrikaanse samelewing, waarin politieke en kulturele en fisieke moorddadigheid hoogty vier, terminale simptome toon van magmisbruik, arrogansie, rassisme, vervolgingswaansin, oorlewingsvrees en 'n endemiese oneerlikheid. Gerwel (2010:16) ervaar ook die oorwegende stemming onder Afrikaansskrywende kommentators en intellektuele as dié van ontgogeling, vervreemding, vreemdelingskap, uitgeslotenheid en verbitterdheid en koppel hierdie "ver-regsing" onder toonaangewende Afrikaanse denkers aan die veranderde status van Afrikaans as openbare taal en die verskynsel van onbehuistheid in Suid-Afrika. Die slot van *Asbesmiddag* kan metafories gelees word as 'n voorspelling van die einde van die skrywer en akademikus se nering: "In sy verbeelding sien die skrywer, verslae nou, die fyn sproei rooi druppels oor die uitgewaaierte bladsye van sy manuskrip [...]. Bloed smeer oor die papier, oor sy woorde" (340–1). Die einde van die roman as kunsvorm en die Afrikaanse taal word voorsien.

Die skrywer besin oor Marilyn Randall se etiese kwessie van *die diskoers van aanklag* wanneer hy die "verspiedery", die "uitsuig van die onderklas" bevraagteken, asook die skrywers wat hulself as slagoffers posisioneer en geesdriftig gryp en verwerk en uitsaai (169). Sy studente se siening, met die fokus op die roman as kommoditeit, word op dieselfde bladsy hierteenoor gejuksstaponeer:

Hulle het reeds tydens besprekings die nosie van betrokkenheid afgewys; hulle het multikulturalisme en veeltaligheid afgewys; hulle het die enkele Afrikaanse skrywer wat hy as 'n soort geheuebank van 'n vervloë tyd genooi het, agterdogtig aangekyk en verwerp. Nee, met hulle moet jy bloot die tegniese vertelmiddele tot jou beskikking

bespreek, en die posisionering ten opsigte van manuskripvoorlegging, internasionale agente, die mark en filmregte. (169)

Sy vriendin, die beeldende-roman-skrywer, bevraagteken verder die toepaslikheid van sy studieveld in die hedendaagse Suid-Afrikaanse konteks (235).

Graaff wys op die oedipale stryd tussen die skrywer en sy voorgangers ten einde 'n eie, nuwe stem te verseker (155). Hy meen dat die skrywer hom nooit moet verweer teen kritiek nie, nooit advokaat vir die verdediging moet wees nie, maar skepper, nar en koggelaar (163). Hy sien die skryftaak as 'n misdaad, maar ook as 'n meedoënlose opvoer van die self (263). Volgens H.P. van Coller in Roos (2006:46) is 'n belangrike tendens van die prosa van die negentigerjare 'n disseksie van die verlede, 'n "waarheidskommissie in die klein". Die skrywer in *Asbesmiddag* spreek hom baie sterk uit teenoor hierdie siening: "die opvatting dat letterkunde in Suid-Afrika nog al die jare as alternatiewe Waarheidskommissie gedien het. Wat 'n gek opvatting – die skrywer as magistraat!" (171). Graaff verwys na die gekykte internasionale siening van die Suid-Afrikaanse literatuur waar die gehore min weet van wat tans in die land aangaan, en waar die debatte telkens teruggryp na die eenvoudige opposisies van die apartheidsera en na die Waarheids-en-versoeningskommissie (171). Hy voel egter baie sterk omtrent kuns as "'n wederstrewige daad, 'n misdaad. 'n Afwys van konvensie. Dis 'n uitdaging aan die konvensionele; dis protes en verbetering om vry te breek na wetteloosheid [...]. Oortreding is die ink wat uit die skrywer se vingers vloei" (171). Graaff meen dat die mens se weerloosheid die skrywer se produk is (144), dat die krag van die letterkunde in sodanige swakheid lê (173).

4. Gevolgtrekking

Die Suid-Afrikaanse werklikheid van die afgelope eeu, soos gereflekteer in die sosiohistoriese perspektiewe in resente Afrikaanse romans, is 'n tydperk van tuisteloosheid, ontworteling en ontheemding. *Asbesmiddag* kan gelees word as die verwoording en kartering van die tuisteloosheid wat die nuwe nasionalisme meebring het. Die krisis van die gemarginaliseerde wit Afrikaanssprekende Graaff word simpatiek uitgebeeld in *Asbesmiddag*, maar die roman bevat ook implisiete kritiek teen die onderliggende motiewe en onvermoë om aan te pas by die eise van die tyd.

Waar die betrokke romans in die 1980's en 1990's 'n demokratiese Suid-Afrika, vry van apartheid, as utopia voorhou, toon hierdie lesing van *Asbesmiddag* dat die geïdealiseerde verlede as utopia figureer binne die teks. Resente toekomsromans, soos onder meer Venter se *Horrelpoot* (2006) en Krüger se *Wederkoms – Die lewe en geskiedenis van Jannes Hoop* (2009), bevat sterk distopiese elemente. Die tekste word representasies van die vrese van die wit mens in Afrika en verbeeld 'n toekomstige distopia. Hierteenoor word in *Asbesmiddag*, te midde van die deurlopende aanwesigheid van 'n refleksiewe utopologie, ook op die moontlikheid van 'n utopiese toekoms gesinspeel deur die positiewe uitkyk van die Doktor. Die magnaat is deurentyd meer positief in sy geloof dat Afrika deur gesonde arbeid en oorgrensprojekte gesond sal word. Hy bepleit wedersydse vertroue en vennootskappe met die mense van ons kontinent (216): "'Die oggende is die mooiste.' Die magnaat se stem eggo in

die portaal. Dan draai hy na die skrywer. ‘Ek staan nou net daar buite in die tuin en dink: Hierdie Afrika het baie potensiaal’” (210).

Hierdie uiteenlopende, selfs teenstrydige, utopiese benaderings binne die enkelteks genereer spanning wat sowel tematies as tekstueel tot die dinamiek van die teks bydra. Ten spyte van die affiniteit vir die dinge van die verlede en ’n oënskynlike nostalgie vir ’n verlore paradys, kan die wit Afrikaner (Graaff) nie van die Afrika-werklikhede ontvlug nie. So word nie net ’n verlore utopia nie, maar ook die kontemporêre sosiopolitieke realiteit en die moontlikhede vir ’n beter toekoms in *Asbesmiddag* gefiksionaliseer.

Die labiele sosiopolitieke realiteit in Suid-Afrika raak toenemend deel van ’n nuwe diskoers van onvergenoegdheid en ontnugtering, ’n diskoers van postapartheid-teenkanting teen transformasie, ook in *Asbesmiddag*. In ’n blatante refleksiewe utopologiese uitspraak sê Graaff:

Dan die beleë vlaktes van die Afrikaanse prosa: die oorloë en die skuld, die boerewonings en die stedelike verval, die nooitens in nartjies en die sangers van Suikerbosrant, die verlies en die veldslag, die droogtes en die swerfjare en die hemele wat moet help. (99)

Van Heerden self is egter nie so pessimisties nie en verklaar op LitNet:

Wat verwag ’n gemeenskap van sy skrywers en kunstenaars? Hoe lyk protes, en het ’n land ooit genoeg daarvan? Hoeveel gedaantes het protes? Hoe lyk *containment*, oftewel die kompromieë wat kunstenaars aangaan met mag? Dis klaarblyklik vrae wat al meer gaan opduik in onse land. En dis goed om te onthou dat skrywers in die vorige era luidkeels en effektief protes aangeteken het. Die pen was in baie gevalle net so magtig soos die swaard. Dit sal weer gebeur. En dis goed so. (Van Heerden 2008a)

Die skrywer verbind hom bewustelik tot sosiopolitieke vraagstukke. Deur die mimetiese weerspieëling in die roman van die Suid-Afrikaanse tydgenootlike samelewing verkry die leser insig daarin. Die roman kan gelees word as ’n manifestasie van die onderliggende kultuur en in sy verhouding tot die waardes, norme en oortuigings van die wit Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner. Die verband tussen fiksie en realiteit word belig in Graaff se werkswyse wanneer hy erken dat “hy steel uit sy ervaring, maar belaster homself skaamteloos en lieg ruim by” (174). Die beskrywing van Graaff se droom is gesien as ’n selfreferensiële metatekstuele verwysing na die roman *Asbesmiddag*: “’n Man wat nie woorde voortbring nie, maar ’n sproeivlam, ’n fakkel voor die mond. ’n Toertjie, eintlik nie eers gevaarlik nie, blote oëverblindery” (59). Die roman kan verder gesien word as ’n vorm van *littérature engagée* deur die betrokkenheid by aktuele probleme en ’n opmerklike poging om die marginalisering van die wit Afrikaanssprekende skrywer, maar ook die Afrikaanse taal, te ontbloot.

Hierdie artikel voer aan dat *Asbesmiddag* binne ’n linguistiese, metatekstuele en ideologiese konteks in diskoers tree met kontemporêre kwessies binne die Suid-Afrikaanse sosiopolitieke sisteem. Gelees as ’n fiksionele uitdrukking van protes teen die nuwe orde, reflekteer die roman indirek, op ideologiese vlak, die stryd om oorlewing van die Afrikaner se taal,

identiteit en letterkunde. Die teks suggereer 'n refleksiewe utopologiese teruggryp na 'n verlore verlede van die wit Afrikaner. Die letterkunde kry hier 'n performatiewe funksie deurdat die diskoers van die onvergenoegdheid en desillusie van die Afrikaner deel vorm van sosiale aksie. Die poststrukuralistiese “alles is teks / veelheid van tekste” plaas die roman dus in kontak met die sosiale realiteit. Die sosiale diskoers se veelheid van stemme, tekste en kontekste word uitgebrei deurdat die roman op verskeie vlakke kommentaar lewer deur 'n eietydse sosiopolitieke betrokkenheid en 'n ryk lading van betrokke intertekste. Die geïdentifiseerde *refleksiewe utopologie* (Strydom 2010:7), wat die implisiete ideologie van die teks kenmerk, is 'n stroming wat nuwe interpretasiemoontlikhede binne die ideologiekritiek daarstel.

Bibliografie

Ashcroft, B., G. Griffiths en H. Tiffen (reds.). 1989. *The empire writes back. Theory and practice in post-colonial literatures*. 2de uitgawe. Londen en New York: Routledge.

Barnes, J. 1984. *Flaubert's parrot*. Londen: Jonathan Cape.

Bell, D. 1993. *Communitarianism and its critics*. Oxford: Clarendon Press.

Boym, S. 2001. *The future of nostalgia*. New York: Basic Books.

Breytenbach, B. 2009. Die reënboog is 'n spieël aan skerwe. *Rapport*, 6 Desember, bl. 1.

Britz, E. 2007. Die “skrywer” pak “die doktor” aan. *Die Burger (By)*, 26 November, bl. 11.

—. 2008. Johann Rossouw en Willie Burger lees *Asbesmiddag* verkeerd. *Beeld (By)*, 9 Februarie, bl. 12.

—. 2008a. Hou *Asbesmiddag* sy kritici op hulle plek? LitNet. www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=33824&cause_id=1270 (7 Oktober 2010 geraadpleeg).

Burchell, W.J. 1953 [1822]. *Travels in the interior of Southern Africa, Volume 2*. Londen: Batchworth Press.

Burger, W. 2007. Nie 'n bevredigende leeservaring nie. *Beeld*, 26 November, bl. 15.

—. 2009. Wat is ons letterkunde werd? *Rapport*, 7 Junie, bl. 3.

Césaire, A. 1997. Discourse on colonialism. In Maley (red.) 1997.

Cloete, T. 1992. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Coetzee, J.M. 1988. *White writing: On the culture of letters in South Africa*. New Haven: Yale University Press.

—. 1999. *Disgrace*. Londen: Vintage.

Collingwood-Whittick, S. 2001. Autobiography as *autre*biography: The fictionalization of the self in J.M. Coetzee's *Boyhood: Scenes from a provincial life*. *Commonwealth Essays and Studies*, 24(1):13–24.

Crous, M. 2009. Dié heer protesteer te veel oor skrywersblok. LitNet. www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=70249&cat_id=558 (15 Oktober 2009 geraadpleeg).

Davis, F. 1979. *Yearning for yesterday: A sociology of nostalgia*. New York: The Free Press.

Degenaar, J. 1990. Intertekstualiteit. In Malan en Jooste (reds.) 1990.

DeLillo, D. 1984. *White noise*. New York: Penguin Books.

—. 1998 [1997]. *Underworld*. Londen: Picador.

—. 2003. *Cosmopolis. A novel*. New York: Scribner.

De Vries, I. 2008. Etienne van Heerden se *Die stoetmeester* na vyftien jaar steeds aktueel. LitNet. http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=print_article&news_id=55766&cause_id=1270 (21 September 2010 geraadpleeg).

Eagleton, T. 1991. *Ideology: An introduction*. Londen: Verso.

—. 2001 [1996]. *Literary theory: An introduction*. 2de uitgawe. Minneapolis: The University of Minnesota Press.

Eagleton, T. (red.). 1994. *Ideology*. Londen en New York: Longman.

Erasmus, M. 1999. Etienne van Heerden (1954–). In Van Coller (red.) 1999.

Fishman, J. 1972. *The sociology of language: An interdisciplinary social science approach to language in society*. Rowley: Newbury House.

Fourie, M. 2010. Afrikaans sterf, sê Breyten. *Die Burger*, 25 Maart, bl. 1.

Gerwel, J. 2010. Hanteer met erns: Is ons nog tuis in SA? *Rapport*, 10 Januarie, bl. 16.

Giliomee, H. 2010. Briewe uit die Suide. *Die Burger*, 20 Februarie, bl. 4.

Harland, R. 1999. *Literary theory from Plato to Barthes*. Londen: Macmillan Press.

Hawthorn, J. 1988 [1987]. *Unlocking the text. Fundamental issues in literary theory*. Londen: Edward Arnold.

- Human, T. 2008. *30 nagte in Amsterdam: Vernuftig én verbeeldingryk*. LitNet. http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=print_article&news_id=56975&cause_id=1270 (30 September 2010 geraadpleeg).
- JanMohamed, A. en D. Lloyd. 1997. Toward a theory of minority discourse: What is to be done? In Maley (red.) 1997.
- Joyce, J. 1960 [1922]. *Ulysses*. Londen: The Bodley Head.
- . 1975 [1939]. *Finnegans wake*. Londen: Faber & Faber.
- Kruger, C. 2010. Taal en geld hou US wit. *Rapport*, 28 Maart, bl. 13.
- Krüger, L. 2009. *Wederkoms: Die lewe en geskiedenis van Jannes Hoop*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Lambrechts, L. en J. Visagie. 2009. De La Rey, De la Rey, sal jy die Boere kom lei? LitNet. www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi/relax/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=69237&cat_id=1536 (20 September 2010 geraadpleeg).
- Langner, D. 2009. Vry om Afrikaner te wees. *Die Burger (By)*, 28 November, bl. 8.
- Lowry, E. 1999. Like a dog. *London Review of Books*, 21(20):12–4.
- Lubbe, H. en R. Wiehahn. 2000. Die Afrikaanse plaasroman in die twintigste eeu. *Stilet*, 12(1):153-67.
- Makhanya, M. 2007. We must delve deeper into new wave of Afrikaner siege mentality. *Sunday Times*. <http://blackmodz.blogspot.com/2007/02/we-must-delve-deeper-into-new-wave-of.html> (27 Augustus 2010 geraadpleeg).
- Maley, W., B. Moore-Gilbert en G. Stanton (reds.). 1997. *Postcolonial criticism*. Londen: Longman.
- Malan, C. en G.A. Jooste (reds.). 1990. *Onder andere. Die Afrikaanse letterkunde en kulturele kontekste*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Moylan, T. 1986. *Demand the impossible. Science fiction and the utopian imagination*. New York en Londen: Methuen.
- Ngugi wa Thiong'O. 1987. *Decolonising the mind: The politics of language in African literature*. Nairobi: East African Educational Publishers.
- Ondal, F. (red.). 1997 [1994]. *HAT*. 4de hersiene uitgebreide uitgawe. Midrand: Perskor.
- Painter, D. 2007. *Asbesmiddag*. 'n Handleiding. *Boeke Insig*, Desember.

- Pakendorf, G. 2007. Kelder al die slim bespiegeling dié verhaal? *Rapport*, 30 November, bl. 4.
- Ricoeur, P. 1986. *Lectures on ideology and utopia*. New York: Columbia University Press.
- Roos, H.M. 1996. *Enigste studiegids vir AFK316-B*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- . 1998. Perspektief op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu. In Van Coller (red.) 1998.
- . 2006. Die Afrikaanse prosa 1997 tot 2002. In Van Coller (red.) 2006.
- Rossouw, J. 2007. Soos 'n ontvanklike kind vs. 'n god. *Beeld (By)*, 24 November, bl. 12.
- . 2009. As daar nie meer 'n huis is. *Die Burger (By)*, 21 November, bl. 13.
- Said, E. 1993. *Culture and imperialism*. Londen: Chatto & Windus.
- Saville-Troike, M. 1982. *The ethnography of communication: An introduction*. Oxford: Basil Blackwell.
- Schoorlemmer, D. 2008. Not like a dog: A new reading of Lucy, a new reading of *Disgrace*. LitNet. www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=36858&cat_id=167 (2 Julie 2010 geraadpleeg).
- Steyn, M.E. 2004. Rehabilitating a whiteness disgraced: Afrikaner *White Talk* in post-apartheid South Africa. *Communications Quarterly*, 52(2):143–69.
- Strydom, G.L. 2010. 'n Vergelykende studie van Ingrid Winterbach se *Die boek van toeval en toeverlaat* (2006) en Etienne van Heerden se *Asbesmiddag* (2007). Ongepubliseerde MA-verhandeling, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit.
- Swart, J. 2010. Laat gaan jou Taal. *Die Burger (By)*, 1 Mei, bl. 4.
- Swart, M. 2010. Afrikaans en meertaligheid op universiteitsvlak. Simposium as deel van die Woordfees. Aangebied deur iMAG en TABEMA, Adam Tas Studentevereniging en Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans. Universiteit Stellenbosch, 2 Maart.
- Todorov, T. 1984. *Mikhail Bakhtin: The dialogical principle*. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- Van Blerk, B. 2006. *De la Rey*. Sonopress, MZCD 01.
- Van Coller, H.P. (red.). 1998. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 1*. Pretoria: Van Schaik.

- . (red.). 1999. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 2*. Pretoria: Van Schaik.
- . (red.). 2006. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 3*. Pretoria: Van Schaik.
- Van Heerden, E. 1986. *Toorberg*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 2007. *Asbesmiddag*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 2007a. Toespraak by bekendstelling van *Asbesmiddag*. 13 November. Stellenbosch: L'Olive Restaurant.
- . 2008. *30 nagte in Amsterdam: 'n roman*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 2008a. Op my duimnael. LitNet. http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=31425&cat_id=884 (30 September 2010 geraadpleeg).
- Van Niekerk, P. 2008. Etienne van Heerden se *Asbesmiddag*, wat gaan ek en jy vir Afrikaans doen? LitNet. www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=30273&cause_id=1270 (30 September 2010 geraadpleeg).
- Venter, E. 2006. *Horrelpoot*. Kaapstad: Tafelberg.
- Visagie, A. 2009. Só lyk die toekoms? *Rapport (Boeke)*, 6 September, bl. 12–3.
- Visagie, P.J. 1996. Power, meaning and culture: John Thompson's depth hermeneutics and the ideological topography of modernity. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Filosofie*, 15(2):73–83.
- Wasserman, H. 2000. Postcolonial cultural identity in recent Afrikaans literary texts. *Journal of Literary Studies*, 16(3/4):90–114.
- Wasserman, H. en S. Jacobs. 2003. Ons stoei nog met ou en nuwe identiteit. *Rapport*, 8 Junie, bl. 24.
- Wiehahn, R. 1994. *Enigste studiegids vir AKS101-Q*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.